

EEN-EN-TWINTIG VOETSPORE VAN



JESEBÉL

Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is 'n produk deur *Kanaän Bedieninge*, 'n nie-winsgewende bediening onder die dekking van:

- Roly, haar eggenoot vir meer as 35 jaar.
- *River of Life Family Church*
Pastoor Edward Gibbens
Vanderbijlpark
Suid-Afrika
Tel: +27 16 982 3022
Faks: +27 16 982 2566
E-pos: sharmain@rolfc.co.za

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.

Vir verdere inligting of die plaas van 'n bestelling, kontak ons asb. by:

Posbus 15253
Panorama
7506
Kaapstad
Suid-Afrika

John Vorsterrylaan 27
Plattekloof Uitbr. 1
Panorama 7500
Kaapstad
Suid-Afrika

Tel.: +27 (0) 21 930 7577
Faks: 086 681 9458
E-pos: kanaan@iafrica.com
Webblad: www.kanaanministries.org
Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 9 VM – 3 NM

Kanaan In Europa

Webblad: www.eu.kanaanministries.org

INHOUD

KORT INLEIDING	4
VYF KOORDE WAT JESEBEL GEBRUIK	7
KARAKTEREIEKSKAPPE WAT HIERDIE PRINSMAG HELP OM TE FUNKSIONEER:	
1. Verwarring	7
2. Aanval op die profetiese	9
3. Teen die oproep tot bekering	10
4. Teen die oproep tot versoening	11
5. Val diegene aan wat begaafd is	11
6. Drome, visioene, laste en god se name word misbruik	11
7. Emosies	12
8. Valse nederigheid of onderworpenheid	14
9. Onsekerheid en onstabieleit	15
10. Soek die goedkeuring van die mens	16
11. Doen dinge haastig en buite orde	17
12. Mensgemaakte decking	18
13. Begeerte na kennis i.p.v. groei en openbaring	19
14. Oorhaastige hand-oplegging	20
15. Verblindings deur godsdiens en ongelooft	20
16. Gesins wanorde en vernietiging	21
17. Valse aanbidding	23
18. Finansies en mammon	24
19. Verhoudings	25
20. Tekens en wonders	27
21. Vernietig die lewens van mense	28
ONDERSKEI AGAB EN JESEBEL IN ONS MODERNE TYE	30
JESEBEL-GEES	39
VERLOëNINGSGEBED	42

EEN-EN-TWINTIG VOETSPORE VAN JESÉBEL

KORT INLEIDING

Jesebel/Isébel is 'n wêreldheerser, en omdat dit geslagloos is, en kan dit deur mans en vroue opereer. Dit word Jesebel genoem, omdat die vrou Jesebel in die Bybel die werking van hierdie wêreldheerser so goed uitbeeld.

2 Kon. 9:22 “Wat? Vrede, solank as die hoererye van jou moeder Isebel en haar towerye so baie is?”

Jes. 47:5 en 7 “...want jy sal nie langer genoem word gebiedster van die koninkryke nie. (Koningin van die Koninkryke). ... en gesê: Ek sal in ewigheid wees, gebiedster vir altyd... “ (Ewige Koningin)

Jesebel is 'n internasionale prinsdom (sterkman). Dit werk gewoonlik saam met ander sterkmanne.

Jes. 47:9 ...in volle maat sal hulle jou oorval. **Ondanks die veelheid van jou towerye, ondanks die groot menigte van jou besweringe. [Ten spyte van jou aansprake op mag aan jou gegee met behulp van ander bese magte].**

Dit skuil agter die hoop om nie gesien of onderskei te word nie.

Jes. 47:10 “En jy het op jou boosheid vertrou; **jy het gesê: Niemand sien my nie!**”

Hierdie wêreldheerser is gekant teen die profetiese stem van die Here – omdat die profete van God nie sal ingee vir hierdie beheer nie, sal hulle óf moet kompromieer, óf doodgemaak word deur Jesebel. Jesebel sal 'n alternatiewe stem inbring wat reg sal lyk, maar dit sal onder hierdie wêreld se beheer wees.

JESEBEL VEROORSAAK DIE VOLGENDE, SOOS GESIEN IN 1 KON. 18:

- 1) Vernietiging van die ware profete.

1 Kon. 18:3-4 ...want toe **Jesebel die profete van die HERE uitgeroei het..**

2) Selfvoldoening, dubbelhartigheid en stille rebellie.

1 Kon. 18:21 En Elia het nader gekom na die hele volk en gesê: **“Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As die HERE God is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na!”** Maar die volk het hom niks geantwoord nie.

3) Die afbreek van die altaar van gebed

1 Kon. 18:30 Toe sê Elia vir die hele volk: “Kom nader na my toe”. En die hele volk het nader gekom na hom. **En hy het die altaar van die Here herstel wat afgebreek was. [deur Jesebel]**

4) Die vrystelling van herlewings-reën

1 Kon. 18:42 – 46 En Agab het opgetrek om te eet en te drink; maar Elia het op die top van die Karmel geklim en hom op die grond neergebuig en sy aangesig tussen sy knieë gestee. Daarop sê hy vir sy dienaar: Klim tog op, kyk uit na die see. En hy het opgeklim en uitgekyk en geroep: Daar is niks nie. Toe sê hy: Gaan weer – sewe maal. En die sewende maal roep hy: **Daar gaan ‘n wolkie soos ‘n man se hand op uit die see. Toe sê hy: Gaan op, sê vir Agab: Span in en trek af, dat die reën jou nie terughou nie. En in ‘n oogwink was die hemel swart van wolke en wind, en ‘n groot reën het gekom;** en Agab het op die wa geklim en weggetrek na Jisreël; maar die Hand van die Here was oor Elia, sodat hy sy heupe omgord en voor Agab uit geloop het in die rigting na Jisreël.

Die ware profete word deur God gebruik om deur hierdie hindernisse te breek, onder die salwing en om die stille rebellie te verbreek wat Jesebel vergesel. Een van die grootste aanvalle van Jesebel, is teen die natuurlike en geestelike familie-eenheid waar dit die volgende veroorsaak:

Mans word beroof van hul outoriteit of hulle gee dit self op omdat hulle voel hulle is nie so geestelik soos hul vroue of soos vroue in die algemeen nie. Bv. **Debora en Barak.**

Rigt. 4:6-9 Toe laat sy Barak, die seun van Abinoam, uit Kedes in Naftali, roep en sê vir hom: Het die Here, die God van Israel, nie bevel gegee nie: Gaan, trek na die berg Tabor, en neem tienduisend man van die kinders van Naftali en van die kinders van Sebulon met jou saam? Dan sal ek Sisera, die leërowerste van Jabin, met sy strydwaens en sy menigte na jou, na die spruit Kison trek, en ek sal hom in jou hand gee. Maar Barak sê vir haar: As u met my saamtrek, sal ek gaan; maar as u nie met my saamtrek nie, gaan ek nie. Toe sê sy: Ek sal sekerlik met jou saamtrek, maar die eer sal nie joue wees op die pad wat jy sal gaan nie; want die Here sal Sisera in die hand van 'n vrou verkoop; en Debora het opgestaan en saam met Barak na Kedes getrek.

Vernietig die mans soos hulle in hul regmatige plekke kom.

Luk. 15:25-32 “En sy oudste seun was in die veld, en terwyl hy al nader na die huis kom, hoor hy musiek en beurtsange. En hy roep een van die diensknegte na hom toe en vra wat dit beteken. Die sê toe vir hom: U broer het gekom, en u vader het die vetgemaakte kalf geslag, omdat hy hom gesond teruggekry het. En hy het kwaad geword, en wou nie binnegaan nie. Sy vader gaan toe uit en smee hom. Maar hy antwoord en sê vir hom: Kyk, ek dien u so baie jare en ek het nooit u gebod oortree nie, en vir my het u nooit 'n bokkie gegee, sodat ek saam met my vriende vrolik kon wees nie. Maar toe hierdie seun van u kom, wat u goed met hoere deurgebring het, het ur vir hom die vetgemaakte kalf geslag. Toe sê hy vir hom: Kind, jy is altyd by my, en al wat myne is, is joue. Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind.

Laat die manne toe om te beheer deur onttrekking

Gen. 3:6-7 Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet. Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekeargewerk en vir hulle skorte gemaak.

1 Kon. 21:4 Toe kom Agab in sy huis, verbitterd en toornig oor die woord wat Nabot, die Jisreëliet, met hom gespreek het, naamlik: Ek mag nie die erfdeel van my vaders aan u gee nie. En hy het op sy bed gaan lê en sy gesig omgedraai en geen brood geëet nie. Daarop kom sy vrou Isebel by hom en sê vir hom: “Waarom is jou gees dan so verbitterd dat jy geen brood eet nie?”

Deur families toe te laat om hulself te vernietig deur negatiewe woorde te spreek. Deur wortels van ongeregtheid toe te laat om te groei en die families se lewens te beheer omdat hulle nie onderskei word nie.

VYF KOORDE WAT JESEBEL GEBRUIK:

- ❑ Godsdienst – Wettiesheid en rituele
- ❑ Heksery – Misleiding
- ❑ Seksuele perversiteit – Hou seksuele sondes bedek en dink “Niemand sien my nie”.
- ❑ Kompromie – Hardkoppigheid en afgodery
- ❑ Okkulte

KARAKTEREIEKAPPE WAT HIERDIE PRINSMAG HELP OM TE FUNKSIONEER:

1. VERWARRING

1 Kor. 14:33 ... want God is nie ‘n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges ...

Wanneer daar verwarring is, kan daar geen helderheid kom nie, ook nie helder profetiese insig nie, wat baie noodsaaklik is. Dit veroorsaak onstabiliteit.

Spr. 29:18 As daar geen openbaring is nie, word die volk bandeloos...

Wanneer ons dubbelhartig is, kan ons maklik van koers dryf en begin twyfel. Dit veroorsaak dat ons soos ‘n klimtol, die een dag op en die ander dag af is. Onstabiele mense wat heen en weer gegooi word in hul geloof en daarom dit baie moeilik vind om te bid vir wysheid of vir wat ookal hulle begeer, omdat hulle so sterk beïnvloed word deur hul gevoelens en omstandighede.

Efes. 4:14 ... sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring...

Jak. 1:5-8 En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyf, en dit sal aan hom gegee word. Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos ‘n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want die mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie – so ‘n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë.

Dit is om hierdie rede dat Jesebel teen ons verstand en omstandighede sal werk om ons te beïnvloed om te begin twyfel en onbestendig te word in al ons weë.

Jak. 3:14-16 Maar as julle bittere afguns en selfsug in julle hart het, moenie roem en lieg teen die waarheid nie. Dit is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels; want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade.

Dus is die wortels wat Jesebel die reg gee om in ons lewens te groei, die volgende: bitterheid, jaloesie, naywer, stryery, wedywering, onenigheid, rebellie en allerhande soorte boosheid en onreine praktyke wat die vrugte is van Jesebel.

1 Kon. 18:21 En Elia het nadergekom na die hele volk en gesê: Hoe lank hink julle op twee gedagtes: As die Here God is, volg Hom na; en as Baal dit is, volg hom na! Maar die volk het hom niks geantwoord nie.

Jesebel sal ons beïnvloed om te hink tussen twee opinies oor wat ons voel God het vir ons gesê of wanneer God met ons gepraat het. Dit gebeur dikwels wanneer jy op die punt is om belangrike besluite te neem. Dit is dan wanneer Jesebel die saad van twyfel in jou gedagtes sal saai – het jy regtig van God gehoor, of was dit net jou eie verbeelding? Is jy binne Sy wil, of nie? Hierdie sal die algemene vrae wees wat in jou gedagtes maal, totdat jy werklik moeite doen en die verdere bevestiging van God kry wat jy nodig het.

2 Kor. 13:1 Dit is die derde keer dat ek na julle toe kom. In die mond van twee of drie getuies sal elke woord vasstaan.

Dit is noodsaaklik dat jy seker maak dat jy bevestiging kry deur die geskrewe woord en nie net 'n mens se woord nie, want laasgenoemde kon beïnvloed gewees het. Die vyand kan egter die woord ook gebruik, soos hy dit verdraai het om Eva te beïnvloed, en ook die verdraaiing toe hy Jesus versoek het – ons moet seker maak dat ons nie onself toelaat om die woord buite verband te neem om in te pas by wat ons voel dit sê nie! Dit is waarom aanspreeklikheid en openheid nodig is om onself te beskerm van misleiding.

1 Joh. 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die Bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig ons van alle sonde.

2. AANVAL OP DIE PROFETIESE

Dan. 11:32 En die wat goddeloos handel teen die verbond, sal hy met vleierey afvallig maak, maar die volk wat hulle God ken, sal vashou en optree.

1 Thes. 2:5 Want ons het, soos julle weet, ons nooit met vleitaal opgehou of met bedekte hebsug nie. God is getuie.

Deur vleierey en valse beloftes. Jesebel sal altyd in jou eie ek of area van grootste behoefte invoer ten einde beheer te verkry oor jou. In die geval van pastore of bedienaars, sal dit kom in die vorm van beloftes van jou sukses of groter uitbreiding as wat God werklik vir jou in gedagte het. Hierdie kan 'n gevaar-gebied wees, omdat dit so naby aan die waarheid is van wat God werklik wil doen. Indien jyself nie duidelik weet wat God gesê het nie, kan jy maklik van balans gegooi word en die skool van God se diepe voorbereiding vir jou mis.

Open. 2:20 Maar Ek het enkele dinge teen jou, dat jy die vrou Isebel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.

3 Tim. 3:13 Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger, hulle wat verlei en verlei word.

Subtiele verleiding kan gebruik word om jou so te verblind dat jy selfs nie sal kan sien jy is verlei nie, totdat dit te laat is. Die Here stuur dikwels mense om ons te waarsku omdat hulle kan sien wat verkeerd is, maar as ons nie daarop ag slaan nie, kan ons in 'n strik trap. Indien ons wel ag slaan op 'n waarskuwing, kan ons betyds gered word. Dit is hoekom ons diegene moet hê opwie ons kan vertrou en teenoor wie ons 'n leerbare gees kan openbaar, sodat hulle ons beskerming kan wees.

Soos die uitdrukking lui: "Goed bekend, sleg geëerd". Jesebel kan deur 'n leuengees werk om jou te laat profeteer oor dit wat die persoon wat jou raadpleeg graag wil hoor, i.p.v. om hom/haar die waarheid te vertel.

Jes. 32:9-11 Staan op, geruste vroue, hoor my stem! Sorgelose dogters, luister na my woord! 'n Jaar en 'n paar dae – en julle sal sidder, sorgelose dogters! Want dit is gedaan met die druwe-oes, daar sal geen insameling van vrugte kon nie. Bewe, geruste vroue! Sidder, sorgelose dogters! Trek julle uit, ontbloot julle en gord rougewade om julle lendene.

Eseg. 13:1-10 En die woord van die Here het tot my gekom en gesê: Mensekind, profeteer teen die profete van Israel wat profeteer, en sê aan die wat profete uit hulle eie hart is: Hoor die woord van die Here!

So spreek die Here, Here: Wee die dwase profete wat agter hulle eie gees aan wandel en agter dinge wat hulle nie gesien het nie. Jou profete, o Israel, is soos jakkalse in puinhope. Julle het in die bresse nie opgegaan nie en die muur nie gebou om die huis van Israel, om in die stryd pal te staan in die dag van die Here nie. Hulle het nietigheid gesien en leuenagtige waarsêery, hulle wat daar sê: Die Here het gespreek – terwyl die Here hulle nie gestuur het nie; en dan wag hulle op vervulling van die woord! Het julle nie ‘n bedrieglike gesig gesien en leuenagtige waarsêery gespreek nie deurdat julle sê: Die Here spreek, terwyl Ek nie gespreek het nie? Daarom, so spreek die Here Here: Omdat julle valsheid gespreek en leuenagtige gesigte gesien het, daarom kyk, Ek het dit teen julle, spreek die Here Here. En My hand sal wees teen die profete wat bedrieglike gesigte sien en leuens waarsê: hulle sal in die vergadering van my volk nie wees nie en in die boek van die huis van Israel nie opgeskryf word nie en in die land van Israel nie kom nie; en julle sal weet dat Ek die Here Here is. Omdat, ja, omdat hulle My volk verlei het deur te sê: Vrede! Terwyl daar geen vrede is nie; en as die volk ‘n muur bou, kyk, dan bepleister hulle dit met los kalk.

Dit gebruik selfvoldoening.

Dit val enigiemand aan wat die salwing van Elia het soos gesien in Herodias se aanval op Johannes die Doper en die Fariseërs se aanval op Jesus.

3. TEEN DIE OPROEP TOT BEKERING

2 Kor. 7:8-10 Want, al het ek julle ook deur die brief bedroef gemaak, is ek nie jammer nie, al was ek ook jammer. Want ek sien dat daardie brief, al was dit vir ‘n kort tydjie, julle bedroef gemaak het. Nou is ek bly, nie omdat julle bedroef was nie, maar omdat julle bedroef was tot bekering, want julle was bedroef volgens die wil van God, sodat julle deur ons in niks skade gely het nie. Want die droefheid volgens die wil van God werk ‘n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood.

Waar daar geen belydenis is nie, kan ware geboorte nie plaasvind nie. Dit veroorsaak dat baie die Koninkryk sien, maar nie binnegaan nie.

Joh. 3:3 en 3:5 Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.

Dit bring vernedering, benoudheid en bestraffing mee deur te verhoed dat die geboorte plaasvind.

Jes. 37:3 En hulle sê vir hom: So sê Hiskia: Vandag is ‘n dag van benoudheid en straf en lastering; want die kinders het tot by die geboorte gekom, maar daar is geen krag om te baar nie.

4. TEEN DIE OPROEP TOT VERSOENING

2 Kor. 5:17-21 Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou. Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen. Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

Jesus het die binne-muur van skeiding aan die kruis afgebreek.

Efes. 2:14-15 Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in Sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van geboorte wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep...

Ons is dus die bediening van versoening. Jesebel, egter, lei tot skeiding en floreer vandag wêreldwyd op die sterkman van rassisme, vervangings teologie en Anti-Semitisme.

5. VAL DIEGENE AAN WAT BEGAAFD IS

Num. 22:7 Toe het die oudstes van Moab en die oudstes van Midian gegaan met waarsêersloon by hulle en by Bileam gekom en hom die woorde van Balak meegedeel.

Balaam bied aan hulle die beloning van waarsêery, en mislei ons deur die persoon se gawe i.p.v. hul vrug van orde wat teenwoordig moet wees.

2 Sam. 15:1-6 En daarna het Absalom vir hom 'n wa en perde aangeskaf en vyftig man om voor hom uit te loop. Verder het Absalom gereeld vroeg opgestaan en langs die pad na die poort gaan staan; en Absalom het elkeen wat 'n saak gehad het om na die koning te kom vir regspraak, aangeroop en gesê: Uit watter stad is jy? As hy dan antwoord: U dienaar is uit een van die stamme van Israel – dan sê Absalom vir hom: Kyk, jou saak is goed en reg, maar van die koning se kant sal niemand jou gehoor gee nie. Verder het Absalom gesê: Mag hulle my as regter in die land aanstel, dat elkeen wat 'n geskil of regspraak het, na my kan kom; dan sal ek aan hom reg laat geskied. En elke keer as iemand nader kom om voor hom te buig, steek hy sy hand uit en gryp hom en soen hom. Op die manier het Absalom met al die Israeliete gehandel wat vir regspraak na die koning kom, sodat Absalom die hart van die manne van Israel gesteel het.

Dit lei daartoe dat die begaafde een haastig handel sonder om eers behoorlik die Here se aangesig te soek i.v.m. 'n saak.

Jos. 9:14 Toe neem die manne van hulle padkos; maar die mond van die Here het hulle nie geraadpleeg nie.

2 Sam. 24:10 Maar Dawid se gewete het hom gekwel nadat hy die volk getel het, en Dawid het aan die Here gesê: Ek het swaar gesondig deur wat ek gedoen het; Here, vergeef dan nou tog die skuld van U kneg, want ek het baie dwaas gehandel.

1 Kron. 15:13 Want omdat julle in die begin nie by was nie, het die Here onse God teen ons uitgebreek, omdat ons Hom nie gesoek het soos dit behoort nie.

6. DROME, VISIOENE, LASTE EN GOD SE NAME WORD MISBRUIK

Jer. 23:18, 25-28 Want wie het in die raad van die Here gestaan, dat Hy Sy Woord sou sien en hoor? Wie het Sy Woord beluister en gehoor? Ek het gehoor wat die profete sê, wat in My Naam vals profeteer met die woorde: Ek het gedroom, ek het gedroom! Hoe lank nog? Is dit in die hart van die profete wat leuens profeteer en profete is van die bedrieëry van hulle hart – is hulle daarop bedag om My volk My Naam te laat vergeet deur hulle drome wat hulle die een aan die ander vertel, soos hulle vaders My Naam vergeet het deur Baal? Die profeet by wie 'n droom is, laat hom 'n droom vertel; en by wie My Woord is, laat hom My Woord spreek in waarheid. Wat het die strooi met die koring te doen? Spreek die Here.

Mat. 11:28-30 Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want My juk is sag en My las is lig.

Dit veroorsaak dat ons vals drome het, wat wel baie eg lyk, maar nie is nie. Dit kan dikwels lei tot emosionele afpersing. Dit belas ons so, dat ons nie gewillig is om aan ander te onderwerp nie, omdat ons voel dat hierdie las te swaar op onself afgedruk is. God lei, maar die duiwel forseer. Ons dra uiteindelik die las self, i.p.v. om dit af te gee aan die Here sodat Hy daarmee kan handel. Tog sê Hy: “Werp jou laste op My”.

Jesebel sal ons beïnvloed om vas te hou aan die las, selfs nadat ons voel ons het dit afgegee aan die Here. Maar! Jesebel oordoen dit dikwels, en put ons so uit dat ons dan gedwing word om oor te gee aan die Here, of op te hou probeer.

Jesebel sal veroorsaak dat ons verbeelding verwar word en sal ons mislei om te dink dat wat ons gehoor het, van die Here is, selfs al het ons nie die korrekte onderskeiding gebruik nie (en voordat dit bevestig is in die mond van twee of drie getuies).

1 Kor. 14:29 Laat twee of drie profete spreek en die ander dit beoordeel.

2 Kor. 13:1 In die mond van twee of drie getuies sal elke woord vasstaan.

Dit veroorsaak dat ons hardkoppig word oor wat ons glo ons gehoor het, wat afgodery is – ons word onleerbaar of verdedigend teenoor enigiemand wat ons uitdaag oor wat die Here vir ons gesê het.

1 Sam. 15:23 Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens. Omdat jy die Woord van Here verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.

7. EMOSIES

Rigt. 14:16-17 Toe huil die vrou van Simson by hom en sê: Jy haat my net en het my nie lief nie; jy het my volksgenote die raaisel opgegee, maar vir my het jy dit nie uitgelê nie. En hy antwoord haar: Kyk, vir my vader en my moeder het ek dit uitgelê nie, sou ek dit dan vir jou uitlê? Maar sy het die sewe dae wat hulle maaltyd geduur het, by hom gehuil; en op die sewende dag het hy dit vir haar uitgelê; want sy het hom gepeers en so die raaisel vir haar volksgenote uitgelê.

Simson se emosies het hom in slawerny laat beland en hy het uiteindelik sy sig verloor.

2 Kon. 20:1-3 In die dae het Hiskia dodelik siek geword; en Jesaja, die seun van Amos, die profeet, het by hom gekom en vir hom gesê: So spreek die Here: Gee bevel aan jou huis, want jy sal sterwe en nie lewe nie. Toe draai hy sy gesig na die muur, en hy het gebid tot die Here en gesê: Ag, Here, dink tog daaraan dat ek voor U aangesig in trou en met 'n volkome hart gewandel het en gedoen het wat goed is in U oë. En Hiskia het bitterlik geween.

Hiskia se trane het gekeer dat God se Woord uitgevoer was soos dit aan hom gegee is. Sy emosies het in die pad gekom van God se perfekte wil vir hom; sy seun wat gedurende hierdie tydperk van genade gebore is, het elke goeie werk wat sy vader ooit gedoen het, vernietig.

2 Kon. 21:1-6 Manasse was twaalf jaar oud toe hy koning geword het, en hy het vyf-en-twintig jaar in Jerusalem geregeer; en die naam van sy moeder was Hefsiba. En hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here, volgens die gruwels van die nasies wat die Here voor die kinders van Israel uit verdrywe het.

En hy het die hoogtes weer gebou wat sy vader Hiskia verniel het, en altare opgerig vir Baal en 'n heilige boomstam gemaak, soos Agab, die koning van Israel gemaak het, en hom gebuig voor die hele leër van die hemel en hulle gedien; ook het hy altare gebou in die huis van die Here, waarvan die Here gesê het: In Jerusalem sal Ek My Naam vestig. En hy het altare gebou vir die hele leër van die hemel in altwee die voorhove van die huis van die Here; ook sy seun deur die vuur laat deurgaan en met goëlyery en verklaring van voortekens omgegaan en dodebesweerders en waarsêers aangestel; hy het baie gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here om Hom te terg.

Jesebel sal ons sovêr kry om op onself te fokus i.p.v. op die Here en dit sal ons hipersensitief maak vir die verkeerde dinge. Ons sal neig om mense meer te vrees as vir God.

1 Kon. 21:1-4 En na hierdie dinge het dit gebeur: Nabot, 'n Jisreëliet, het in Jisreël 'n wingerd gehad, wat langs die paleis van Agab, die koning van Samaria, was. En Agab het met Nabot gespreek en gesê: Gee my jou wingerd, dat dit my groentetuin kan word, want dit is naby, langsaan my huis; dan sal ek jou in die plek daarvan 'n wingerd gee wat beter is; of as dit goed is in jou oë, sal ek jou die koopprys daarvan in silwer gee. Maar Nabot het vir Agab gesê: Mag die Here my daarvoor bewaar dat ek die erfdeel van my vaders aan u sou gee! Toe kom Agab in sy huis, verbitterd en toornig oor die woord wat Nabot, die Jisreëliet, met hom gespreek het, naamlik: Ek mag nie die erfdeel van my vaders aan u gee nie. En hy het op sy bed gaan lê en sy gesig omgedraai en geen brood geëet nie.

Emosionele afpersing, dikwels deur trane, woorde, stiltes of buie, kan kragtige wapens wees in die hande van Jesebel.

8. VALSE NEDERIGHEID OF ONDERWORPENHEID

Eks. 2 Moses was 'n hooggeleerde man wat sy opleiding in Faraos paleis ontvang het net soos een van sy eie seuns – tog kom roep God hom om te gaan en Sy volk na vryheid te lei.

Eks. 3-4 Moses bied weerstand en tree op asof hy ongeleerd is. Valse nederigheid sal dikwels veroorsaak dat mense weerstand bied a.g.v. die vrees vir mense en nie a.g.v. 'n ware onbevoegdheid nie. Dit kan 'n vorm van rebellie en weerstand wees. Daar is 'n fyn lyn tussen ware en valse nederigheid en Jesebel floreer daarop. Jesebel sal dit ook omdraai en ons gebrek aan bevoegdheid gebruik om te probeer om ons te diskwalifiseer i.p.v. ons afhanklik te maak van die Here vir Sy bevoegdheid.

In **Rigt. 14** en **16** sien ons in beide hierdie hoofstukke hoedat die vroue wat geblyk het onderdanig te wees aan Simson, deur die vyand gebruik is om hulle te vernietig, deur te bewys dat hulle meer onderdanig was aan die vrees vir die mens. Jesebel sal jou laat glo dat jy werklik onderdanig is, maar in werklikheid, wanneer 'n krisis hom voordoen, sal jy sien dat die ware vrug van onderdanigheid ontbreek. Dit word duidelik gesien in hoe maklik die huweliksverbond verbreek word. Die subtiliteit daarvan is, dat jy nie werklik beseft dat jou onderdanigheid bloot woorde is nie, totdat jy in 'n situasie geplaas word waar jou onderdanigheid getoets word.

Woorde is een van die magtigste wapens wat Jesebel het, terwyl onderdanigheid nie 'n saak van woorde is nie, maar 'n ingesteldheid van die hart – dus kan Jesebel dikwels veroorsaak dat ons mislei word deur ons eie woorde. Ons sal dus een ding sê, maar iets heeltemal anders doen, soos “Ek wil nie regtig meer gaan nie”, maar in werklikheid sal ons veg met al ons mag om te kan gaan. Die teenoorgestelde van onderdanigheid is rebellie en Jesebel sal dit baie keer gebruik. Dit kan wees deur stille rebellie soos ons gesien het met Adam wat nie een keer gepraat het om Eva te keer nie, of met Agab wat sy stille rebellie gebruik het om te kry wat hy wou hê. Die 'stille behandeling' is 'n kragtige wapen wat gebruik word om Jesebel sover te kry om te reageer of om mense te manipuleer om vir jou te gee wat jy wil hê.

Deur stil te wees wanneer ons moet praat, kan ons in Jesebel se strik trap. Hoe meer ons stilbly wanneer ons behoort te praat, hoe meer laat ons 'n onnatuurlike mag toe om in ons te vorm. Wanneer ons dan wel uiteindelik reageer, doen ons dit met 'n kragtige beheer, i.p.v. liefdevolle fermheid.

9. ONSEKERHEID EN ONSTABILITEIT

Efes. 4:14 ... sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring.

Jesebel weet dat ons stabiel moet wees om te kan staan en ook haar beseerde geeste te kan weerstaan.

Efes. 6:10-12 Eindelijk, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van Sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die beseerde geeste in die lug.

Jesebel sal gedurig sogenaamde nuwe doktrines oor ons pad bring wat emosioneel aanvaarbaar vir ons sal wees. Indien ons nie stewig staan in die Woord van waarheid nie, sal ons maklik geswaai word en verward raak, wat, soos ek reeds aangedui het, een van die eerste karaktereienskappe van Jesebel is. Ons moet waaksaam wees om nie sommer saam met die stroom van elke nuwe doktrine wat verbykom te gaan nie, maar ons moet alles toets met die Woord en ook hoe gebalanseerd dit is.

Een van die vangplekke in hierdie area, is dat Jesebel sal kom met sogenaamde diepsinnige waarhede wat goed lyk op die oppervlakte en aanspraak maak op ons sintuie. Maar, jy moet tyd neem om daarvoor te dink en om dit in konteks te beskou, asook hul betekenis in die lig van die res van die Skrif. Jesebel sal dikwels geïsoleerde Skrifgedeeltes gebruik om ons op die verkeerde voet te vang, of soos met die versoeking van Eva en Jesus, sal die Skrif verdraai word.

10. SOEK DIE GOEDKEURING VAN DIE MENS

Mat. 7:21-23 Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! Sal ingaan in die Koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van My Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in U Naam geprofeteer en in U Naam duiwels uitgedrywe en in U Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!

Mat. 23:1-11 Toe het Jesus die skare en Sy dissipels toegespreek en gesê: Die skrifgeleerdes en die Fariseërs sit op die stoel van Moses. Alles wat hulle dan vir julle mag sê om te onderhou, onderhou en doen dit; maar volgens hulle werke moet julle nie doen nie, want hulle praat en doen nie. Want hulle bind pakke saam wat swaar en moeilik is om te dra, en sit dit op die skouers van die mense, mar self wil hulle dit nie met hulle vinger verroer nie. En hulle doen al hul werke om deur die mense gesien te word, en hulle maak hul gedenkseëls breed en die some van hul klere groot. En hulle hou van die voorste plekke by die maaltye en die voorste banke in die sinagoges en die begroetinge op die markte en om deur die mense genoem te word: Rabbi, Rabbi! Maar julle, laat jul nie Rabbi noem nie, want een is julle leermeester: Christus, en julle is almal broeders. En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is. Julle moet julle ook nie leermeesters laat noem nie, want een is julle leermeester: Christus. Maar die grootste van julle moet jul dienaar wees.

Gal. 4:17-18 Hulle ywer vir julle is nie goed nie, maar hulle wil ons buitersluit, sodat julle vir hulle kan ywer. Dit is goed as daar altyd geywer word in 'n goeie saak en nie alleen wanneer ek by julle teenwoordig is nie ...

Jesebel sal jou beïnvloed om uit jou pad te gaan om die mens te plesier, wat sal lei tot werke i.p.v. liefdevolle gehoorsaamheid. Dit sal jou mettertyd uitput en veroorsaak dat jy geïrriteerd raak.

Rigt. 16:16 En omdat sy hom met haar woorde aldaar gepers en by hom aangedring het, het hy so ongeduldig geword, dat hy kon sterf.

Dit sal jou belas met swaar laste of standaarde, wat jy sal moet nakom om goedkeuring te kry van die mens of van God. Dit sal probeer om jou te verblind deur jou meer spesiaal te laat voel as wat jy is, ten einde jou guns te verkry, en sal dan in staat wees om jou oor te haal om in te gee.

11. DOEN DINGE HAASTIG EN BUIE ORDE

Dit veroorsaak dat die regte ding op die verkeerde manier gedoen word. Dit is hierdie taktiek wat ons dikwels mislei om 'n 'goeie ding' te doen i.p.v. 'n 'God's ding'. Ons kan sien dat dit presies is hoedat Dawid kon toelaat dat Ussa doodgemaak word.

1 Kron. 13:1-12 En Dawid het raad gehou met die owerstes oor duisend en oor honderd, met elke bevelhebber; en Dawid het aan die hele vergadering van Israel gesê: As julle dit goedvind en dit van die Here onse God is, laat ons ons versprei en na ons broers stuur wat nog oor is in al die landstreek van Israel, en saam met hulle na die priesters en die Leviete in die stede waar hulle weiveld het, dat hulle by ons bymekaar moet kom. En laat ons die ark van onse God na ons toe oorbring, want in die dae van Saul het ons daar nie na gevra nie. Toe sê die hele vergadering dat hulle so moes doen, want die saak was reg in die oë van die hele volk. En Dawid het die hele Israel versamel van Sihor in Egipte af tot by die ingang na Hamat, om die ark van God uit Kirjat-Jearim te gaan haal. Daarna het Dawid met die hele Israel opgetrek na Baala, na Kirjat-Jearim wat aan Juda behoort, om daarvandaan op te bring die ark van God die Here wat op die gerubs troon, waaroor die Naam uitgeroep is. En hulle het die ark van God op 'n nuwe wa vervoer uit die huis van Abinadab, en Ussa en Agjo het die wa gedrywe. En Dawid en die hele Israel het voor die aangesig van God met alle mag gespeel, sowel met liedere as met siters en harpe en tamboeryne en simbale en trompette. Toe hulle by die dorsvloer van Kidom kom, het Ussa sy hand uitgesteek om die ark vas te hou, want die osse het gestruikel. Daarop het die toorn van die Here ontvlam teen Ussa, en Hy het hom getref, omdat hy sy hand na die ark uitgesteek het, sodat hy daar voor die aangesig van God gesterf het. En Dawid het ontroerd geword, omdat die Here 'n skeur aan Ussa geskeur het; daarom het hy daardie plek genoem Peres-Ussa, tot vandag toe. En Dawid het daardie dag vir God bevrees geword en gesê: Hoe kan ek die ark van God na my toe bring?

1 Kron. 15:13 Want omdat julle in die begin nie by was nie, het die Here onse God teen ons uitgebreek, omdat ons Hom nie gesoek het soos dit behoort nie.

Jes 5:1-2 Laat my tog sing van my Beminde; 'n lied van my Beminde oor Sy wingerd! My Beminde het 'n wingerd op 'n vrugbare heuwel. En Hy het dit omgespit en die klippe daar uitgehaal en dit beplant met edel wingerdstokke; en Hy het 'n toring daar binne-in gebou en ook 'n parskuip daarin uitgekup; en Hy het verwag dat dit druiwe sou dra, maar dit het wilde druiwe voortgebring.

Dit het veroorsaak dat baie intersessors geleer en 'grootgemaak' is buite die dekking van die kerk. Hierdie wanorde het in hulle veroorsaak dat hulle die verkeerde stryd stry en dus, in plaas van daar te wees te midde van die kerk om die kerk te dien, spandeer hulle baie tyd om aan die kerk te probeer verduidelik wat hulle ontvang het, of om die leierskap van die kerk te beheer deur wat hulle dink die kerk behoort te weet.

12. MENS-GEMAAKTE DEKKING

Gen. 2:15-18 Toe het die Here God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak. En die Here God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. Ook het die Here God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas.

Gen. 3:6-7 Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar en hy het geëet. Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaar gewerk en vir hulle skorte gemaak.

Ons sien dat toe Adam nie gewaak het oor sy vrou in die tuin soos van hom verwag is nie, het hy deur sy stille rebellie toegelaat dat hul dekking verwyder word. Die eerste ding wat hulle gedoen het, was dat hulle hul eie mensgemaakte dekking gemaak het, wat 'n patroon van Jesebel is. Jesebel slaan geen ag op outoriteit nie – sy beïnvloed ons om 'n wet vir onself te word en lei ons om ons eie dekking te maak wat ons pas, i.p.v. een wat ons sal uitdaag en ook beskerm. Ons eie dekking is afhanklik van die arm van vlees en ons eie menslike poging. Jesebel sal ons dikwels sover kry om ons eie dekking te maak, en dan die mens of God te kry om dit te onderskryf en te seën, in plaas daarvan om voldoende raad te vra van die Here en ander en dan voort te gaan met die visie of projek.

Spr. 20:18 en 24:6 Planne kom deur beraadslaging tot stand; voer dan oorlog met goeie oorleg. Want deur goeie oorleg kan jy voorspoedig oorlog voer, en die oorwinning is deur die menigte van raadgevers.

Dit sal jou beïnvloed om ander se foute raak te sien en daarom te rebelleer.

13. BEGEERTE NA KENNIS I.P.V. GROEI EN OPENBARING

2 Tim. 4:2-4 ...verkondig die Woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.

2 Tim. 3:1-7 Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratens, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af. Want uit hulle is die wat in die huise insluip en arme vroue gevange neem wat met sondes belaa is en deur allerhande begeerlikhede gedryf word, wat altyd leer en nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie.

Jesebel sal ons beïnvloed om meer op ons eie insigte staat te maak as op God s'n.

Spr. 3:5-6 Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak.

Ons val in die strik van altyd te wil leer, maar nooit die ware kennis te kry nie, omdat ons nie toepas wat ons geleer het nie.

Heb. 5:12-14 Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle die eerste beginsels van die Woorde van God moet leer, en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie. Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die Woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is. Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei.

Jak. 1:22-25 En word daders van die Woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie. Want as iemand 'n hoorder van die Woord is en nie 'n dader nie, die is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien; want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen.

Ons word vasgevang in kopkennis en intellektualisme i.p.v. harts-openbaring.

Jesebel sal ons so vasvang in ons siening van nie “geleerd genoeg” volgens wêreldse standaarde nie, dat ons nie in staat is om die Here te dien en Hom toe te laat om ons op Sy eie manier en tyd te leer nie. Jesebel verlei ons dikwels om die Here se opleiding te minag as nie goed genoeg nie.

14. OORHAASTIGE HAND-OPLEGGING

1 Tim. 5:22 Moenie haastig iemand die hande oplê nie, en moet ook nie met die sondes van ander gemeenskap hê nie. Hou jou rein.

Ons word hier aangesê om op niemand haastig die hande op te lê nie, maar onself rein te hou. Jesebel sal ons ‘n onnatuurlike begeerte gee om ander die hande te wil oplê soveel as moontlik – omdat oordraging hierdeur plaasvind. Om hierdie rede word ons ook gewaarsku om nie toe te laat dat enigiemand haastig vir ons die hande oplê nie, omdat ons beide goed en sleg hierdeur kan ontvang. Jesebel hou die meeste van ons vas met ‘n vrees vir mense, dus, i.p.v. om onderskeiding toe te pas in wie behoort en behoort nie vir ons hande op te lê nie, laat ons maar toe dat enigiemand dit doen. Ons is bang dat as ons weier, hulle aanstoot mag neem. Daar word baie krag vrygestel deur die oplegging van hande en ons behoort meer onderskeidend te wees oor wie ons toelaat om dit te doen. Wat is die vrug van hul lewens?

15. VERBLINDING DEUR GODSDIENS EN ONGELOOF

Mat. 23:1-7 Toe het Jesus die skare en Sy dissipels toegespreek en gesê: Die skrifgeleerdes en die Fariseërs sit op die stoel van Moses. Alles wat hulle dan vir julle mag sê om te onderhou, onderhou en doen dit; maar volgens hulle werke moet julle nie doen nie, want hulle praat en doen nie. Want hulle bind pakke saam wat swaar en moeilik is om te dra, en sit dit op die skouers van die mense, maar self wil hulle dit nie met hulle vinger verroer nie. En hulle doen al hul werke om deur die mense gesien te word, en hulle maak hul gedenkseëls breed en die some van hul klere groot. En hulle hou van die voorste plekke by die maaltye en die voorste banke in die sinagoges en die begroetings op die markte en om deur die mense genoem te word: Rabbi, Rabbi!

Jesebel sal jou so vasvang in godsdienste dat jy algeheel verblind word vir die realiteit en verhouding met die Here.

Hand. 17:22 Paulus gaan toe in die middel van die Areopagus staan en sê: Atheners, ek sien dat julle in elke opsig baie godsdienstig is...

Jesebel gebruik godsdienstige afgodery om jou te bind en te verblind om die volheid van die realiteit van jou te verloor, te verloor.

2 Kor. 4:4 ... naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie.

Jesebel verblind die verstande van die ongelowige, en weerhou hulle daarvan om die waarheid te sien.

16. GESINS WANORDE EN VERNIETIGING

1 Kon 21:1-7 En na hierdie dinge het dit gebeur: Nabot, 'n Jisreëliet, het in Jisreël 'n wingerd gehad, wat lang die paleis van Agab, die koning van Samaria was. En Agab het met Nabot gespreek en gesê: Gee my jou wingerd, dat dit my groentetuin kan word, want dit is naby, langs my huis; dan sal ek jou in die plek daarvan 'n wingerd gee wat beter is; of as dit goed is in jou oë, sal ek jou die koopprys daarvan in silwer gee. Maar Nabot het vir Agab gesê: Mag die Here my daarvoor bewaar dat ek die erdeel van my vaders aan u sou gee! Toe kom Agab in sy huis, verbitterd en toornig oor die woord wat Nabot, die Jisreëliet met hom gespreek het, naamlik: Ek mag nie die erdeel van my vaders aan u gee nie. En hy het op sy bed gaan lê en sy gesig omgedraai en geen brood geëet nie. Daarop kom sy vrou Isebel by hom en sê vir hom: Waarom is jou gees dan so verbitterd dat jy geen brood eet nie? En hy antwoord haar: Omdat ek met Nabot, die Jisreëliet, gespreek en aan hom gesê het: Gee my jou wingerd vir geld, of as jy wil, sal ek jou 'n wingerd in die plek daarvan gee - maar hy het gesê: Ek mag my wingerd nie aan u gee nie. Toe sê sy vrou Isebel vir hom: Oefen jy nou die koningskap oor Israel uit? Staan op, eet brood, en laat jou hart vrolik wees: ek sal jou die wingerd van Nabot, die Jisreëliet, gee.

1 Kon. 21:20 Daarop sê Agab vir Elia: Het jy my gekry, my vyand? En hy antwoord: Ek het u gekry, omdat u uself verkoop het om te doen wat verkeerd is in die oë van die Here!

1 Kon. 21:25 Waarlik, daar was niemand soos Agab wat homself verkoop het om te doen wat verkeerd is in die oë van die Here nie, omdat sy vrou Isebel hom verlei het. En hy het baie afskuwelik gehandel deur agter die drekgode aan te loop, net soos die Amoriete gedoen het wat die Here voor die kinders van Israel uit verdrywe het. En toe Agab hierdie woorde hoor, het hy sy klere geskeur en 'n roukleed om sy lyf gebind en gevas; hy het ook met die roukleed geslaap en stadig rondgeloop. Toe kom die woord van die Here tot Elia, die Tisbiet, en sê: Het jy gesien dat Agab hom voor My aangesig verneder het? Omdat hy hom voor My aangesig verneder het, sal Ek die onheil in sy dae nie bring nie; in die dae van sy seun sal Ek die onheil oor sy huis bring.

Ons sien hier hoedat Jesebel die leierskap en outoriteit van die koning misbruik het om sy vleeslike begeerte te verkry. Die koning, deur sy stille rebellie, laat toe dat dit gebeur en bring oordeel oor sy nageslag.

Open. 2:23 En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.

1 Kon. 21:23 En ook oor Isebel het die Here gespreek en gesê: Die honde sal Isebel eet by die voorskans van Jisreël.

2 Kon 9:6-7 En hy het opgestaan en in die huis ingegaan. Toe giet hy die olie op sy hoof uit en sê vir hom: So spreek die Here, die God van Israel: Ek salf jou as koning oor die volk van die Here, oor Israel. En jy sal die huis van Agab, jou heer, verwoes, sodat Ek die bloed van my knegte, die profete, en die bloed van al die knegte van die Here op Isebel kan wreek;

2 Kon. 9:30-37 En Jehu het in Jisreël gekom. Toe Isebel dit hoor, het sy haar oë swart geverf en haar hoof versier en deur die venster uitgekyk. Terwyl Jehu deur die poort inkom, sê sy: Gaan dit goed, Simri, moordenaar van jou heer? En hy het opgekyk na die venster en gevra: Wie is vir my, wie? Toe kyk twee, drie hofdiensmaats uit na hom; en hy sê: Gooi haar af! En hulle het haar afgegooi, sodat van haar bloed teen die muur en teen die perde gespat het, en hy het haar vertrap. En nadat hy ingegaan en geëet het en gedrink het, sê hy: Kyk tog om na die vervloekte en begrawe haar, want sy is 'n koningsdogter. Maar toe hulle gaan om haar te begrawe, kry hulle van haar niks nie, as net die hoofskedel en die voete en die handpalms. Daarop kom hulle terug en gee hom dit te kenne; en hy sê: Dit is die Woord van die Here wat Hy deur die diens van Sy kneg Elia, die Tisbiet, gespreek het, naamlik: Op die dorpsgrond van Jisreël sal die honde die vlees van Isebel eet. En die lyk van Isebel sal soos mis op die land wees op die dorpsgrond van Jisreël, sodat hulle nie sal kan sê: Dit is Isebel nie.

Jesebel word deur God geoordeel. Hierdie oordeel het 'n direkte uitwerking op die familie en nageslag, omdat hulle sal toelaat dat die wortel van ongeregtigheid voortgesit word op die bloedlyn. Dit is om hierdie rede dat God sê Hy sal haar kinders tref a.g.v. hierdie sterk ongeregtigheid.

Die mans gee hul outoriteit prys omdat hulle onwaardig voel. Hierdie onttrekking straf die kinders deurdat hulle nie die seëning ontvang wat hulle toekom nie. Dit laat toe dat surrogaat vaders opgerig word, wat die ware vaders toelaat om selftevrede te wees en dus onttroon te word as hoëpriesters van hul gesinne. Laat die vrou toe om die man se outoriteit oor te neem a.g.v. sy onttrekking. Laat die vrou of die man toe om die ander party te beheer met seks, wat, soos Paulus gesê het, nie toelaatbaar is nie. Laat die man of vrou toe om hul rolle omgeruil te kry, sodat beide ondoeltreffend is. Laat die beheer van die vrou, man of kinders plaasvind deur finansies.

17. VALSE AANBIDDING

Eks. 32:1-6 Toe die volk sien dat Moses vertoef om van die berg af te kom, het die volk rondom Aaron versamel en vir hom gesê: Kom, maak vir ons gode wat voor ons uit trek; want hierdie Moses, die man wat ons uit Egipteland laat optrek het, ons weet nie wat van hom geword het nie. En Aaron sê vir hulle: Ruk die goue ringe af wat aan die ore van julle vroue, julle seuns en julle dogters is, en bring dit vir my. Toe het die hele volk die goue ringe afgeruk wat aan hulle ore was, en dit na Aaron gebring. En hy het dit uit hulle hand geneem en dit met die beitel bewerk en daar 'n gegote kalf van gemaak. Daarop sê hulle: Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het. Toe Aaron dit sien, het hy daarvoor 'n altaar gebou. En Aaron het uitgeroep en gesê: More is daar fees tot eer van die Here. En hulle het die ander dag vroeg klaargemaak en brandoffers geoffer en dankoffers aangebring; daarop het die volk gaan sit om te eet en te drink, en hulle het opgestaan om te speel.

Eseg. 28:13 Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei.

Joh. 4:20-24 Ons vaders het op hierdie berg aanbid, en julle sê dat die plek waar ons behoort te aanbid, in Jerusalem is. Jesus sê vir haar: Vrou, glo My, daar kom 'n uur wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie. Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode. Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in Gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom so aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in Gees en waarheid aanbid.

Jesebel sal ons lei in verkeerde vorms van aanbidding of sal ons aanbidding pervers maak sodat dit vermaaklik is i.p.v. ware toewyding aan God. Jesebel ken die mag van ware aanbidding en probeer dus om alternatiewe vorme in te bring wat die ware aanbidding sal vervang. Diegene wat deur Jesebel beïnvloed word, hou gewoonlik daarvan om in die aanbiddingsspan te wees, omdat hulle weet hierdie is 'n plek van mag en dit sal aan hulle 'n plek van prominensie bied waarna mense opkyk. Wanneer hulle in hierdie lig gesien kan word, kan hulle bykomende aansien kry en kan hulle hul invloed gebruik om te beheer.

18. FINANSIES EN MAMMON

Mat. 17:24-27 En toe hulle in Kapernaum kom, het die wat die tempelbelasting ontvang, na Petrus gegaan en gesê: Betaal julle Meester nie die tempelbelasting nie? Hy antwoord: Ja. En toe hy in die huis inkom, was Jesus hom voor en sê: Wat dink jy, Simon? Van wie neem die konings van die aarde tol of belasting – van hulle seuns of van die vreemdelinge? Petrus antwoord Hom: Van die vreemdelinge. Jesus sê vir hom: Dan is die seuns vry. Maar dat ons hulle geen aanstoot mag gee nie, gaan na die see toe, gooi 'n hoek uit en neem die eerste vis wat opkom; en as jy sy bek oopmaak, sal jy 'n stater kry; neem dit en gee dit aan hulle vir My en vir jou.

Mat. 22:15-22 Toe gaan die Fariseërs saam raad hou hoe om Hom in Sy woord te verstrik. En hulle stuur hul dissipels saam met die Herodiane na Hom en sê: Meester, ons weet dat U waaragtig is en die weg van God in waarheid leer en U aan niemand steur nie, want U sien nie die persoon van mense aan nie – sê dan vir ons, wat dink U: Is dit geoorloof om aan die keiser belasting te betaal of nie? Maar Jesus het hulle boosheid bemerk en gesê: Geveinsdes, waarom versoek julle My? Wys My die belastingmunt. En hulle het vir Hom 'n penning gebring. En Hy sê vir hulle: Wie se beeld en opskrif is dit? Hulle antwoord Hom: Die keiser s'n. Daarop sê Hy vir hulle: Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom. En toe hulle dit hoor, was hulle verwonderd en het Hom verlaat en weggegaan.

In beide hierdie gedeeltes is finansies gebruik om 'n strik te stel vir Jesus. Jesebel sal die mag van finansies gebruik om mense of die leierskap te probeer beheer. Leierskap kan ook deur Jesebel beïnvloed word om finansies uit die mense te probeer kry. Jesebel gebruik verkeerde, ongoddelike metodes. Finansies kan 'n werktuig wees wat deur Jesebel gebruik word om ons te beheer en ons in vrees te bring, of 'n onnatuurlike gevoel van sekuriteit te gee.

Hand. 5:1-10 Maar 'n sekere man met die naam van Ananias het saam met sy vrou Saffira 'n eiedom verkoop, en ook met die medewete van sy vrou van die prys agtergehou en 'n sekere deel gebring en aan die voete van die apostels neergelê. Toe sê Petrus: Ananias, waarom het die satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou? As dit nie verkoop was nie, het dit nie jou gebly nie? En toe dit verkoop is, was dit nie in jou mag nie? Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou hart voorgeneem het? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God. En toe Ananias hierdie woorde hoor, het hy neergeval en gesterwe; en 'n groot vrees het gekom oor almal wat die gehoor het. Daarna het die jongmanne opgestaan en hom toegedraai en uitgedra en begrawe. En na verloop van omtrent drie uur kom sy vrou in sonder om te weet wat voorgeval het.

En Petrus het haar aangespreek: Sê vir my of julle die grond vir soveel verkoop het? En sy sê: Ja, vir soveel. En Petrus sê vir haar: Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here te versoek? Kyk, die voete van die wat jou man begrawe het, is by die deur, en hulle sal jou uitdra. Toe val sy onmiddellik aan sy voete neer en het gesterwe. En die jongmanne het ingekom en haar dood gevind en haar uitgedra en by haar man begrawe.

Ananias en Saffira is deur mammon beïnvloed om vir Petrus en die Heilige Gees te lieg.

Hand. 8:18-23 En toe Simon sien dat deur die handoplegging van die apostels die Heilige Gees gegee word, het hy hulle geld aangebied en gesê: Gee aan my ook hierdie mag, sodat elkeen wat ek die hande oplê, die Heilige Gees kan ontvang. Maar Petrus sê vir hom: Mag jou geld saam met jou vergaan, omdat jy gedink het om die gawe van God deur geld te verkry. Jy het geen deel of lot in hierdie saak nie, want jou hart is nie reg voor God nie. Bekeer jou dan van hierdie boosheid van jou, en bid God of die gedagte van jou hart jou miskien vergewe mag word. Want ek sien dat jy in 'n gal van bitterheid en bande van ongeregtigheid is.

Ons sien dat Simon beïnvloed was deur mammon om geld te probeer gebruik om die gawe van die Heilige Gees te koop – sy hartsmotief was verkeerd.

19. VERHOUDINGS

Rigt. 16:1-21 En Simson het na Gasa gegaan en daar 'n hoer gesien en by haar ingegaan. Toe die Gasiete die tyding kry: Simson het hier ingekom, omsingel hulle hom en lê hom die hele nag voor by die stadspoort, maar die hele nag het hulle hul stilgehou en gesê: Teen dagbreek sal ons hom doodmaak. En Simson het gelê tot middernag; maar teen middernag het hy opgestaan en die deure van die stadspoort en die twee deurposte gegryp en die met grendel en al uitgeruk en op sy skouers gesit en dit opgedra na die top van die berg wat teen Hebron lê. Daarna het hy 'n vrou in die dal Sorek liefgekry, wie se naam Delila was. Toe kom die vorste van die Filistyne na haar op en sê vir haar: Haal hom oor en vind uit waardeur sy krag so groot is, en waardeur ons hom kan oorweldig en hom kan bind om hom te bedwing; dan sal ons jou elkeen elfhonderd sikkels silwer gee. Toe vra Delila vir Simson: Vertel my tog waardeur jou krag so groot is, en waarmee jy gebind kan word om jou te bedwing. En Simson sê vir haar: As hulle my bind met sewe vars lyne wat nie uitgedroog is nie, dan sal ek swak word wees soos 'n ander mens. Daarop het die vorste van die Filistyne vir haar sewe vars lyne gebring wat nie uitgedroog was nie, en sy het hom daarmee gebind. En terwyl haar spioene in die kamer klaar sit, sê sy vir hom: Die Filistyne op jou, Simson! Toe verbreek hy die lyne soos vlasdraad breek as dit vuur ruik; maar sy krag het nie bekend geword nie.

Toe sê Delila vir Simson: Kyk, jy het my bedrieg en vir my leuens vertel; vertel my nou tog waarmee jy gebind kan word. En hy antwoord haar: As hulle my stewig vasbind met nuwe toue waarmee geen werk gedoen is nie, dan sal ek swak word en wees soos 'n ander mens. Toe het Delila nuwe toue geneem en hom daarmee gebind en vir hom gesê: Die Filistyne op jou, Simson! Terwyl die spioene in die kamer klaarsit; maar hy het dit soos 'n draad van sy arms af verbreek. En Delila sê vir Simson: Tot nou toe het jy my bedrieg en vir my leuens vertel; vertel my waarmee jy gebind kan word. En hy antwoord haar: As jy die sewe haarvlegsels van my hoof met die weefsel saam invleg. Sy druk die toe vas met die pen en sê vir hom: Die Filistyne op jou, Simson! En hy het wakker geword uit sy slaap en die weefpen met die weefsel uitgeruk. Toe sê sy vir hom: Hoe kan jy sê: Ek het jou lief! Terwyl jou hart nie met my is nie? Drie maal het jy my nou al bedrieg en my nie meegedeel waardeur jou krag so groot is nie. En omdat sy hom met haar woorde aldae gepers en by hom aangedring het, het hy so ongeduldig geword, dat hy kon sterf. En hy het sy hele hart aan haar bekend gemaak en aan haar gesê: Daar het nooit 'n skeermes oor my hoof gekom nie, want ek is 'n Nasireër van God van my moeder se skoot af: as ek geskeer sou word, sou my krag van my wyk en ek swak word en wees soos al die mense. Toe Delila sien dat hy sy hele hart aan haar bekend gemaak het, laat sy die vorste van die Filistyne roep en sê: Kom hierdie keer op, want hy het sy hele hart aan my bekend gemaak. Toe kom die vorste van die Filistyne na haar op en bring die geld met hulle saam. En sy het hom op haar skoot aan die slaap gemaak en 'n man geroep en die sewe haarvlegsels van sy hoof afgeskeer. En sy het begin om hom te bedwing en sy krag het van hom gewyk. Toe sê sy: Die Filistyne op jou, Simson! En toe hy uit sy slaap wakker word, sê hy: Ek sal vry uitgaan soos die vorige kere en my losruk. Want hy het nie geweet dat die Here van hom gewyk het nie. Daarop het die Filistyne hom gegryp en sy oë uitgesteek en hom afgebring na Gasa en met koperkettings gebind; en hy moes maal in die gevangenis.

Ons sien hier hoedat Simson in verhoudings beland het, gebaseer op sy eie begeertes en wil i.p.v. om goddelik gelei te word deur die Here, en dit het hom duur te staan gekom. God het die huwelik ontwerp as 'n verbonds liefdesverhouding en nie iets soos 'n onnatuurlike afhanklikheid van mekaar nie. Een van die kragtigste maniere waarop Jesebel in verhoudings kom, is dat sy veroorsaak dat verhoudings gebaseer word op afhanklikheid, behoefte, wellus, vrees, manipulasie, afpersing, fantasie, versotheid of deur familiêre geeste. Sulke verhoudings werk selde, behalwe met die genade van God.

Nog 'n manier waarop Jesebel teen verhoudings kom, is dat sy jou sover kry om verhoudings sonder grense te vorm as vriende of medewerkers. Jy eindig dan op deur jouself te veel te moet gee in die verhouding en beide partye kry seer, omdat julle mekaar gaan probeer besit en beheer.

Jesebel veroorsaak dat jy verblind word vir mekaar se foute totdat dit te laat is of dit kan gebruik word tot Jesebel se voordeel. Sy forseer verhoudings om plaas te vind, i.p.v. dit toe te laat om natuurlik te ontwikkel soos dit moet.

Nog 'n teken van Jesebel in verhoudings, is die wyse waarop dit manne en vroue lei in verkeerde seksuele verhoudings wat in hierdie dae tot die dood kan lei a.g.v. vigs.

20. TEKENS EN WONDERS

Mark. 16:17-18 En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem, en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.

Mat. 12:38-39 Toe spreek sommige van die skrifgeleerdes en Fariseërs en sê: Meester, ons wil graag 'n teken van U sien. Maar Hy antwoord en sê vir hulle: 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona.

Mark. 13:22 Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.

Joh. 20:24-29 En Thomas, wat genoem word Didimus, een van die twaalf, was nie saam met hulle toe Jesus gekom het nie. Die ander dissipels sê toe vir hom: Ons het die Here gesien! Maar hy het vir hulle gesê: As ek nie in Sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in Sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie. En agt dae daarna was Sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle. En Jesus het gekom terwyl die deure gesluit was, en het in hulle midde gestaan en gesê: Vrede vir julle! Daarna sê Hy vir Thomas: Bring jou vinger hier, en kyk na My hande; en bring jou hand en steek dit in My sy, en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig. En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God! Jesus sê vir hom: Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het.

Jesebel sal ons mislei deur ons van koers af te neem deur tekens en wonders, selfs wanneer hulle nie in lyn is met die Woord van God nie, of wanneer hulle die Woord van God vervang i.p.v. om dit te bevestig. Ons kan maklik deur tekens mislei word, omdat hulle aanneemlik vir die vlees is en dit kan baie goed deur die vyand gebruik word. Jesebel begeer dat ons moet soek na tekens en wonders met die verkeerde motiewe.

21. VERNIETIG DIE LEWENS VAN MENSE

Jesebel hou daarvan om jou te isoleer sodat jy vreesagtig kan word en kan begeer om te sterf. Sy veroorsaak dood openlik deur mense in rebellie in te lei soos met Eva en het ook Jesus probeer oorreed om van die tempel af te spring.

1 Kon. 19:2-4 Daarop stuur Isebel 'n boodskapper na Elia om te sê: Mag die gode so doen en so daaraan toedoen – sekerlik sal ek more sulke tyd jou siel maak soos die siel van een van hulle. Toe hy dit sien, het hy hom klaargemaak en ter wille van sy lewe weggegaan. En toe hy in Berseba in Juda aangekom het, het hy sy dienaar daar laat agterbly; maar self het hy 'n dagreis ver die woestyn ingegaan en daar onder 'n besembos gaan sit en gewens dat hy mag sterwe. En hy sê: Dit is genoeg, neem nou my siel weg, Here, want ek is nie beter as my vaders nie.

Gen. 3:1-7 Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die Here God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken. Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar en hy het geëet. Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmeakaargewerk en vir hulle skorte gemaak.

Mat. 4:1-11 Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel. En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword. En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word. Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan. Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan en sê vir hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal Sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien U voet teen 'n klip stamp nie. Jesus sê vir hom: Daar is ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie. Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlijkheid, en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid. Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! Want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien. Daarna het die duiwel Hom laat staan, en daar het engele gekom en Hom gedien.

Deur Jesebel toe te laat om buite orde op te tree en leierskap en outoriteit te misbruik, kon dit daartoe lei dat sy doodgemaak word deur die oordeel.

1 Kon. 21:23 & 2 Kon 9:7 En ook oor Isebel het die Here gesprek en gesê: Die honde sal Isebel eet by die voorskans van Jisreël. En jy sal die huis van Agab, jou heer, verwoes, sodat Ek die bloed van My knegte, die profete, en die bloed van al die knegte van die Here op Isebel kan wreek.

Dit gebruik Jaloesie om die dood veroorsaak.

Luk. 15:25-32 En sy oudste seun was in die veld, en terwyl hy al nader na die huis kom, hoor hy musiek en beurtsange. En hy roep een van die diensknegte na hom toe en vra wat dit beteken. Die sê toe vir hom: U broer het gekom, en u vader het die vetgemaakte kalf geslag, omdat hy hom gesond teruggekry het. En hy het kwaad geword en wou nie binnegaan nie. Sy vader gaan toe uit en smee hom. Maar hy antwoord en sê vir sy vader: Kyk, ek dien u so baie jare en ek het nooit u gebod oortree nie, en vir my het u nooit 'n bokkie gegee, sodat ek saam met my vriende vrolik kon wees nie. Maar toe hierdie seun van u kom, wat u goed met hoere deurgebring het, het u vir hom die vetgemaakte kalf geslag. Toe sê hy vir hom: Kind, jy is altyd by my, en al wat myne is, is joue. Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind.

ONDERSKEI AGAB & JESEBEL IN ONS MODERNE TYD

(Gary Bergel / Jini Bousch / Bradley Stuart)

1 Konings 16:30-32 ³⁰”En Agab, die seun van Omri, het gedoen wat kwaad is in die oë van die HERE, meer as al sy voorgangers.

³¹”En dit was nog die minste dat hy in die sondes van Jeróbeam, die seun van Nebat, gewandel het: hy het Isébel, die dogter van Et-Baäl, die koning van die Sidoniërs, as vrou geneem, en Baäl gaan dien en voor hom neergebuig....”

Mattheus 24:4 ⁴”En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie.”¹ ...

Efesiërs 6:12 ¹²”Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.”

Openbaring 2:20 ²⁰”Maar Ek het enkele dinge teen jou, dat jy die vrou Isébel, wat haarself ’n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.”

Die Skrif dui aan dat die afsluiting van die Kerk-era, gekenmerk sal wees deur groot geestelike vermenging en botsings tussen sisteme van lig en duisternis. Die Kerk sal energiek besig wees met die afhandeling van die Groot Opdrag, en om die laaste, groot oes in te bring. Satan, met sy linies wat yl geword het, en tyd wat min word, sal inderhaas terugval op diaboliese planne, verleidende luukshede, vermaaklikheid, globale misleidings, valse tekens en wonders, en die bevordering van tirannie deur ’n toename in etniese oorlogvoering, hongersnood en peste. Lucifer, hoewel gevalle maar mislei, sal op **slinkse wyse** die platform opstel vir sy **laaste poging** om God na te maak en die mensdom onder sy beheer te kry – die antichris. (**Mattheus 24:6-14**)

Menigtes sal gevange geneem word deur **oëverblindery** en **misleiding**, beïnvloed deur demoniese magte. Tog, deur dit alles, sal God steeds die Soewereine wees en Sy profetiese agenda **sal** voltooi word. Die nasies sal wees soos “*kokende potte*”, maar die “*amandel tak*” van God se vooraf bestemde planne, sal bot en bloei. (**Jeremia 1:11-13**).

Die geestelike atmosfeer in die wêreld sal onrustig, dig en duister wees, “voelbaar” soos in Egipte tydens die nag van Pasga. Bonatuurlike lig en vryheid sal in die gemeenskap en huishoudings van die verlosdes wees, die Pasga Lam van God – die Een wat geslag is om hulle in die nag uit te neem toe “**al die gode van Egipte veroordeel is**”. (**Eksodus 10:21; 12:3-13; Mattheus 24:3; 1 Korinthiërs 15:52**).

¹Die Bybel : Ou Vertaling. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) .
Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England

‘n **Babiloniese, hoere-sisteem** sal wêreldwyd in plek wees en sal floreer vir ‘n seisoen, terwyl die ‘konings van die aarde’ dronk is van geestelike ontug en die ‘handelaars van die aarde’, ryk deur handeldrywe in luukshede, strewes in ongeregtheid, en die handeldrywe met “**die liggame en siele van mense**”. (**Openbaring 18:3,13**).

Die saad van Lucifer sal tot finale rywording kom. Jesebel manne en vroue in selfkrag en ydele heerlijkheid sal verklaar: “**Ek sit as koningin, en is geen weduwe nie, en sal geen droefheid sien nie.**” Hierdie tipes, verteenwoordig deur die Bybelse figure van Agab en Jesebel (‘n waansinnige Baal en Asherah godsdienstige orkestrasie) sal toneelspeel, pronk en salwend praat – maar slegs vir ‘n vasgestelde seisoen; en dan sal hulle geoordeel, dubbeld terugbetaal, en teistering en droefheid ontvang in dieselfde mate waarin hy of “**sy haarself verheerlik het**”. (**Openbaring 18:6-8**)

Die “wen” van Agabs (moreel swak mans) met Jesebels (dominerende, ambisieuse vroue) sal aan die orde van die dag wees. Dit sal die finale vennootskap van **rebellie** en **hardkoppigheid**, of **heksery** en **afgodery** wees. (**1 Samuel 15:23**). Ons neem op die oomblik ‘n “bemagtiging” van Jesebel waar. Om misleiding te vermy, moet ons ingelig wees en onderskeiding beoefen.

Die gees van Jesebel (beteken letterlik *ongetroud, sonder saamwonery, sonder man*), het reeds bestaan voor Koningin Jesebel en dit kan enige geslag beïnvloed. Hierdie gees het die naam van die rebelse en manipulerende vrou van Koning Agab, beïnvloed en aangeneem. (**1 Konings 16:32; 2 Konings 9**). Selfs al kan hierdie gees man of vrou beïnvloed, sal ons na individue wat onder beheer van hierdie gees optree, verwys as “sy”, bloot omdat die gees ‘n vrouenaam gekies het, en die Skrif hierdie patroon verleen.

Laban, Isak se swaer, het in hierdie Jesebel gees gehandel, omdat hy vir Jakob 14 jaar lank beheer en gemanipuleer het. (**Genesis 29:31**).

Johannes het ons gewaarsku in **Openbaring 2:18-24**, dat “die” kerk van Thiatire in die laaste dae die gees van Jesebel sal verdra. (Histories verwys hierdie gedeelte na die korrupte vrou van ‘n biskop in Thiatire, en simbolies verwys dit na die vrou Jesebel in **1 en 2 Konings**). So ‘n kerk sal diegene toelaat (i.p.v. om dit behoorlik te oordeel en stil te maak) wat onder hierdie gees opereer; diegene wie hulself profete noem, maar uitsprake maak wat die bekende Bybel kommentators, Jamieson, Fausset en Brown noem, “**geveinsde uitlatings van inspirasie tot vrydenke**”. Hulle gee ook **lering**, en **mislei** en **verlei** lede in **ontug / owerspel, vals aanbidding** en selfs **openlike afgodery**. Die Skrif verklaar hierdie Jesebel gees as gevaarlik en dit is ‘n groot obstruksie tot restourasie, herlewing, goeie orde en egte geloof in die Kerk vandag.

Die werking van die Jesebel gees – ‘n stelsel van INTIMIDASIE, MANIPULASIE EN BEHEER – kan vergelyk word met ‘n **SPINNEKOP** wat ‘n **web spin** en uitbrei om sy prooi te vang en gevange te hou. Hierdie web is die spinnekop se huis en dit verkry sekuriteit daaruit.

Eens **verstrengel** in die web, word die prooi 'n gevangene van die spinnekop. Die spinnekop sal dikwels oor 'n verloop van tyd peuter met hierdie gevangene, maar sy uiteindelijke doel is om dit te VERORBER en te VERNIETIG!

Voordat die gevangene of die persoon wat onder die invloed van Jesebel opereer, kan ontsnap uit hierdie web, moet **skille van hul oë verwyder word**, sodat hulle die ware situasie kan sien. Elkeen moet dan **kies** en **gewillig** wees om hul pad **oop te veg** uit hierdie web, deur **openbaring, onderskeiding, intersessie, belydenis, bevryding, en berading** te aanvaar en gewilliglik hul gewoontes te verander. Dit kan maande en selfs jare duur om heeltemal los te kom van Jesebel se web en om weer vryheid in Christus te kan geniet.

AGABS: Hierdie individue is in rebellie teen die God van die Bybel, Sy Vaderskap en Sy standarde! Moreel swak en met gebrek aan integriteit, word hul toegeneentheid verkeerdelik gerig en vermors op wellustige, of nuttelose strewes. **'n Valse altaar van "Baal" word gebou.** Groot hoeveelhede energie en hulpbronne word dikwels bestee, maar daar word nie gesoek na 'n Godgedrewe eindbestemming nie, en dit word dus ook nie behaal nie. **Wettelose onderduimsheid** en **gierigheid** is dikwels die dinge wat die Agab-tipe individu aandryf. Kompeterende "swaardkuns" en pret word verkies bo geloof, gesinslewe, 'n behoorlike werks-etiek en rentmeesterskap. Sulke lewens blyk dikwels wonderlik te lyk op die oog af, maar aan die binnekant is dit geestelik leeg. Dit is hierdie **vakuum** wat Jesebel betree.

In **I en II Konings**, het Jesebel (wie opgetree het as regerende koningin, alhoewel die Bybel versigtig is om nie na haar te verwys in daardie titel nie), VREES gebruik om haar man Agab te manipuleer en te beheer en om God se profeet, Elia, bang te maak. Agab was Jesebel se **gevangene**. 'n Gevangene onderwerp homself gewoonlik uit vrees vir die manipulasie en beheer van 'n ander individu. **Sonder 'n gevangene het Jesebel geen mag nie! Jesebel soek gevangene-kandidate** wat verdraagsaam, leerbaar, geestelik onderskeidend, in posisies van outoriteit, vredemakers, gehoorsaam, onderdanig, sterk, lafhartig, dienaars, leiers, opgelei, geborge, suksesvol, verleibaar, rebels, swak, emosioneel verwond, onseker en kompromieerders is. **M.a.w., enige tipe persoon is 'n kandidaat vir 'n gevangene!!!!** Bewaak dus jou hart, meer as enigiets anders!

TEKENS VAN JESEBEL SE AANWESIGHEID:

Die Jesebel gees floreer in 'n atmosfeer van VREES, VERWARRING, RUSIE, ONSTABILITEIT, GEBROKE VERHOUDINGS, ONTMOEDIGING, DEPRESSIE, INTIMIDASIE, VERLENGDE FRUSTRASIE, 'N TOENEMENDE VERDRAAGSAAMHEID TEENOR SEKSUELE SONDES, CHAOS OF NIHILISME (NIETIGHEID) EN VERNIETIGING!!

Dit is dikwels moeilik om te onderskei of 'n persoon optree vanuit 'n sonde en persoonlike gewoontes, of deur die invloed van 'n bose gees. Of 'n bose gees binne, of rondom 'n persoon is, is nie ter sake nie.

Die werklike saak is of 'n persoon leef onder oppresie van 'n bose gees. Die persoon is dikwels, nie altyd nie, charismaties; 'n minsame persoonlikheid, miskien aantreklik, spontaan, lewenslustig, intelligend, opgelei, gerespekteer, suksesvol, in 'n hoë posisie of amp, kan gelukkig voorkom, ens.

KARAKTERTREKKE VAN JESEBEL:

Almal van ons as gevalle / verlosde mense, besit sommige van hierdie karaktertrekke. Wanneer veelvoudige aanduidings aanwesig is, of indien hulle in reëlmaat en intensiteit toeneem of baie vererger, is die moontlikheid groter dat die persoon optree onder die invloed van die gees van Jesebel.

Normaalweg sien die individu haar gedrag as normaal en het geen idee wat sy werklik aan ander doen nie. 'n Paar van die trekke wat mag voorkom, is:

- Verkry mag en outoriteit deur intimidasie en vrees.
- Verkry krag daaruit om ander te manipuleer en te beheer.
- Een of meer gevangenes moet gedomineer en beheer word voordat sy in mag en outoriteit kan opereer.
- Dryf diegene wie sy beheer tot **uitputting** en verby dit.
- **Nooit tevrede** met die prestasie van diegene wie sy beheer nie.
- **Vereis erkenning.**
- **Meester in oorreding.**
- **Misleidend.**
- **Eiewillig**, “godsdiensdig”.
- Vurige opponent.
- **Vegter**, en sal nie huiwer om te veg nie.
- **Territoriaal** – opereer in haar eie, bekende gebied.
- **Verdedigend** – altyd reg, al die ander is verkeerd.
- Worstel met diegene wat haar opponeer.
- Kan **boos** wees.
- Hits diegene rondom haar aan.
- Pruttel oor klein dingetjies.
- Vurig **onafhanklik** en **ambisieus**.
- Nie 'n span-speler nie – sy gaan uitgevang word, en sy weet dit.
- Bang om vriende te verloor a.g.v. ervaringe uit die verlede.
- **Haat** manlike / vroulike **outoriteit** – veral Geestelik.
- Verag die stem van die Here en Sy profete.
- Wil gedien word wil nie dien nie.
- Leraar (teacher), verleier, rugsteker.
- Wil in 'n paleis woon.
- **Hoogmoedig**, maar maak aanspraak op nederigheid.
- **Selfsugtig**, maar maak verbaal daarop aanspraak dat sy nie is nie.
- Sal dikwels dinge begeer en wellustig wees, maar dit ontken.
- Het obsessie met die “waarheid”, maar tree die teenoorgestelde op.
- Maak altyd seker dat jy nie agter haar rug praat nie.

- Soek aandag en bevordering.
- Gegrief oor geloofwaardige mans / vroue.
- Kan betrokke wees in **seksuele sondes**.
- **Fantasie** en **verbeelding** lei tot perversiteit, pornografie, kindermolestering, ontug, owerspel, seksuele misbruik, homoseksualiteit en ander soorte perversiteit.
- **Sensuele** kyk in die oog, **verleidende** stem en liggaamstaal.

SPEEL GODSDIENSTIGE SPELETJIES:

Die gees van Jesebel span saam met die **Godsdiensgees**. Christene wat opereer onder die gees van Jesebel, is dikwels bedorwe, en toon sommige van die volgende trekke:

- 'n **Titel** is baie belangrik
- Skuil vir ware belydenis
- Maak dikwels daarop aanspraak dat sy “direk van God gehoor het”, en noem haarself 'n **profeet**.
- Het 'n **gunsteling sitplek** in die kerk
- Dien God eintlik net wanneer dit gerieflik is, of as 'n manier om verhoudings op te rig en beheer te verkry.
- Soek vir bondgenote in die kerk.
- Wys onverbiddelik probleme in kerke en leiers uit.
- Dring aan op **erkenning**; manipuleer of verontagsaam geheel en al manlike leierskap in die kerk.
- Bekragtig haarself dikwels deur kerk “lidmaatskap”, i.p.v. karakter en vrug.
- Ander individue is **nooit goed genoeg** vir God nie.
- Probeer om **skuld** op jou te plaas en oortuig jou dat jy God teleurgestel het.
- Ken dikwels die Skrif baie goed, maar kan manipuleer of kwoteer om 'n punt te bewys.
- Oordeel individue deur Skrif te kwoteer, en veroordeel en dissiplineer hulle in die Naam van God.
- Kamoefleer begeerte vir dogmatiese beheer met doktrines.

WEB-SPIN STRATEGIEë:

Die individu wat onder die Jesebel gees opereer, begin in die geheim haar web spin deur die vertroue van diegene wie sy wil beheer, te wen. Sy werk in die **geheim** en wil nie ontmasker word nie. Wanneer aanvaarding eers verkry is, begin sy om die waarheid te gebruik, besprinkel met goed geplaasde leuens, en om met vernuf en agterbaksheid 'n web van **misleiding** en **verstrikking** te spin. Slim metodes bring vrees in ander. Dan verkry sy krag en outoriteit uit hul vrees. Sulke individue het 'n **gesofistikeerde vermoë** ontwikkel om te manipuleer en te beheer sonder fisiese krag.

‘n Jesebel persoon:

- Mag lojaal voorkom en sal aanmeld vir spesiale diens.
- Soek **leraars / leierskaps-posisies** om posisie te bekom in organisasies.
- Deursoek mense se karakters om **swak areas** te kry en breuke te identifiseer wat sy kan uitbuit.
- Oorbeklemtoon en vergroot haar eie probleme om ander uit te boul.
- Verraai leierskap deur kennis van hul persoonlike lewens en pers hulle af tot kompromie.
- Gebruik waarheid of leuens om reputasies te vernietig.
- Gebruik of laat geld ander se outoriteit.
- Verkry mag deur politieke alliansies te vorm, dikwels op ‘n skynbaar onderdanige en lae manier.
- Maak individue moeg deur hul outoriteit te **ondermyn**.
- Etiketteer God se profete as **vals profete**.
- Orkestreer hoogtepunte en laagtepunte in self en diegene wie sy manipuleer.
- **Bou op en breek af**, stook op of kalmeer, is baie positief of baie negatief, afhange van die situasie.
- Kan baie luidrugtig en voorbarig wees, of stil en geslepe, afhange van die situasie.
- Maak vriende teen mekaar op en **vernietig verhoudings**.
- Meng waarheid met **leuens** en **weerspreek** haarself gewoonlik – wanneer gekonfronteer word, pleit hulle misverstand.
- Verander opinies volgens die situasie en sal kompromieer wanneer nodig.
- Manipuleer dikwels meer as een op ‘n keer.
- Speel een persoon / groep, teen ‘n ander af.
- Praat en trek toutjies agter iemand se rug.
- Ondermyn selfwaarde en vertrouwe in ander.
- Sal enigiemand aanval wat tussen haar mikpunte en diegene wie sy beheer, mag kom.
- **Mislei** mense en laat lokvalle / strikke afgaan.
- Gee soms onderdanigheid voor om ‘n strategiese voordeel te kry.
- Stimuleer, verlei, verlok, oorreed, hits aan, stel op en bring in beroering.
- Gebruik manlike / vroulike sjarme wat misleidend of **verleidend** is om te manipuleer of **seksueel** te teister.
- **Dramaties**, en gebruik emosies vryelik tot haar voordeel.
- Kan by tye **stilstupe** of norsheid gebruik.
- Gebruik **verwerping** en **depressie** om voordeel te verkry.
- Mag verbaal bely, maar nie uit die hart.
- Diegene rondom haar weet nooit wat om te verwag nie.
- Veronderstel dat God hulle NOOIT sal oordeel nie – die vrees van die Here is afwesig – maak dus die deur oop vir hul eie vernietiging.

- Wanneer twee mense onder die Jesebel gees saam is, ding hulle gewoonlik mee, behalwe as dit tot hul eie voordeel is om 'n **alliansie** te vorm om persoonlike mikpunte te behaal.

JESEBEL SE VYANDE:

Jesebel se grootste vyande is God se ware leiers en profete wie haar ontmasker en hulle teen haar uitspreek. Wanneer sy oorlog maak, is dit om die mense op te **rui** teen die boodskap van die belydende en profetiese Kerk.

1. Haar ware vyand is die gesproke Woord van God. Sy haat die woorde wat profete spreek.
2. Haar grootste vrees is dat die mense belydenis sal aanvaar. Sy weet dat ware belydenis die teenwoordigheid van Jesus bring. Hy reinig die Kerk en vestig dit in reinheid en krag, en verslaan daardeur haar poging om te beheer.
3. Intersessie gebede dwing haar vingers los van die harte en siele van individue; help om mense vry te maak; bind haar; slaan haar met kreupelheid.
4. Uiterste haat teen God self. Sy haat die:
 - a) genade wat Hy uitstort op Sy verbonds-dienaars, selfs nadat hulle gesondig het
 - b) feit dat God die swakste en nietigste sal gebruik om haar neer te trek
 - c) heiligheid en reinheid van hart wat van God kom en diegene wat in Sy diens staan, te omring.
5. Haat aanbidding; nederigheid; Bloed van Jesus; Naam van Jesus; en die waarheid wat mense vrymaak.

GOD SE BELOFTES AAN OORWINNAARS:

Openb. 2:26-28: ²⁶*En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee,*
²⁷*en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het.*"
²

²*Die Bybel : Ou Vertaling.* 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) .
 Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England

ONS REAKSIE:

Wees barmhartig teenoor mense wat onder die invloed van die gees van Jesebel opereer. Doen praktiese dade van liefde en goedheid soos die Here lei. Bid dat oë sal oopgaan en vir krag wat hulle in staat sal stel om te staan teen hierdie gees en te bely.

Maar, moet geen genade betoon, of geen kompromie aangaan of simpatie bewys teenoor die Jesebel gees self nie. Moenie die gees van Jesebel op enige manier verdra nie!

Indien jy die gees van Jesebel uitdaag, sal sy jou beveg. Indien jy haar konfronteer, sal sy “ontplof” en dikwels wegstorm in woede, maar sal jou dalk later weer vergewe omdat ‘sy weet jy het ‘n slegte dag gehad en nie bedoel wat jy gesê het nie’, of sy sal ‘n swak area in jou lewe aanval.

HOE OM TE OORWIN:

Indien jy soos ‘n gevangene van haar voel of indien jy self sommige van die Jesebel trekke het, moet jy weet dat genade vir jou beskikbaar is om te oorkom, deur belydenis en gebed; verandering van jou gewoontes en teenkanting te bied en oorlog te maak teen enige gees wat jou weerhou van verandering.

1. Vermydning van, of die verbreking van ‘n verhouding, is die eenvoudigste metode vir ‘n gevangene om los te breek uit Jesebel se beheer en manipulasie. Dit is nie altyd moontlik nie, veral indien sy/hy ‘n huweliksmaat, familie-lid, werkgewer of werknemer is. Verder is die gevangene nog steeds kwesbaar om ‘n prooi te word van die gees van Jesebel in iemand anders.
2. ‘n Beter offensief is om Jesebel se taktiek te onderskei en te ken, en dit dan in wysheid en stilte te sistap. Dit frustreer en verwar Jesebel. Indien dit dikwels genoeg gebeur, sal die persoon wat opereer onder die gees, jou opgee; of sy mag beseef daar is iets verkeerd, en daardeur kan daar ‘n geleentheid vir bevryding kom.
3. Staan sterk en moenie vir Jesebel verdra, jou onderwerp of kompromieer op enige manier nie. Moenie toelaat dat sy haar kloue in jou kry nie. Hou jou posisie, maar betoon die liefde van Christus soos Hy jou lei.
4. Om Jesebel te oorwin, vereis ywer en hardnekkigheid. Wees militant in jou geloof.
5. Jy moet geestelik goed toegerus wees. Ontwikkel ‘n dieper gebedslewe en intimiteit met Christus. Soek daarna om God te ken op dieper maniere. Nader tot God en Hy sal tot jou nader.

6. Onderwerp jou aan God en wees gehoorsaam aan Sy Woord – moenie slegs 'n hoorder van Sy Woord wees nie.
7. Reinig jou hande en suiwer jou hart. Soek pastorale sorg en berading soos nodig.
8. Raadpleeg die Here vir jou unieke identiteit en diens in Christus; jou spesifieke bestemming en die *“werke wat vooraf berei is sodat jy daarin kan wandel.”* (Efesiërs 2:10)
9. Bepaal en behou goddelike orde in die gesin; eer die man as die hoof; en manne moet hul vroue liefhê, koester en dien.
10. Respekteer goddelike orde in die Kerk; bid vir, en eer leiers; dien soos die Here lei.
11. Weerstaan, en die Agab / Jesebel gees sal op die vlug slaan. (Jakobus 4:7-8)
12. Hou vas aan die Hoof, Jesus Christus. (Kolossense 2:19).

JESEBEL-GEES

Berader:

Agtergrond-inligting:- Jesebel begin met afgodediens en astrologie.
Moeder/kind kultus begin.

Haar naam beteken: 'unexalted; onverhoogbaar' – 'without cohabitation; woon met niemand saam'.

Haar doelstelling en karaktereienskappe:

Word innerlik gedryf deur: perversiteit, rebellie, trots, arrogansie, hooghartigheid, hekserie, ens.

Alles word gedoen om SELF te bevredig op alle gebiede: materieel en fisies (vlees). Ook onleerbaar, onafhanklik, arrogant, ens.

Dit kan manifesteer deur vroue sowel as deur mans.

- Hardkoppigheid – “ek sal doen soos ek wil!”
- Wil die ware profete van God vernietig en uit die weg ruim. (1 Kon. 18:3-4).
- Weerstaan die werking van die Heilige Gees.
- Probeer altyd Godgegewe leierskap afbreek en die eie ek te bevredig.
- Misbruik outoriteit en leierskap (bv. in gesin, kerk, werk, ens.)
- Probeer altyd leierskap infiltreer.
- Verwek vrees (bv. in werksituasie, kinders, huwelik, verhoudings, ens.)
- Gaan hand aan hand met afgodery en hekserie, wat deel was van die lewe van Jesebel (2 Kon. 9:22)
- Bring die Agab-gees in andere na vore. (Agab-gees 'sulk' omdat hy nie sy sin kan kry nie, word depressief en kwaad. Weier om te praat en probeer so ander manipuleer).
- Dit reageer in die vlees (bv. dreig, “tantrum”, ens.)
- Manipuleer mense op emosionele vlak (probeer hulle kry om te doen soos jy wil).
- Skuil agter godsdienstige dade.
- Lieg en bedrieg.
- Verdraai die betekenis van mense se woorde.

Wanneer Jesebel kontrole verkry, (bv. in 'n kerk) kan so 'n instansie vernietig word.

- Dit begin manifesteer in die vlees, volgens rigiede wette.
- Die Gees word weerhou om te vloei.
- Tradisie vervang openbaring.
- Ongehoorsaamheid vervang gehoorsaamheid.

- Vleeslike werke vervang die Gees se inspirasie.
- Dit kom onder die vloek van die wet.

MODUS OPERANDI – VALS GODSDIENS:

- Hulle intimideer met hulle houding van “ons weet dit alles”
- Bid aanmekaar en sit voor die Here.
- Hulle is geleerd, het vir baie jare studeer en ons as leke kan hulle niks vertel nie.
- Manipuleer ander met hul teologie.
- Manipuleer ander vanuit hul leierskaps-posisie.
- Manipuleer ander met geestelike kennis, ondervinding en oorgeestelikheid.
- Hulle hoor *altyd* van die Here.
- Hulle is die mans, en vroue moet luister wat hulle sê, of omgekeerd.
- Wetties en konserwatief. Gaan na selgroepe, stel leier of spreker in slegte lig; of ‘counsel hopping’.
- Maak beskuldigings met die doel om seer te maak.
- Manipuleer met trane.
- Afkraak, verneder, sny met die Woord.
- Baie praat.
- Seks en sodra eie begeerte bevredig is – skuldgevoelens.
- Woede.
- Verwarring (misleiding).
- PMS – PERMANENT MARITAL STRESS
- Manipulasie met geld.
- Slim, manipulerende sprekers.

Jesebel-gees beheer persone, huwelike, gesinne, families, gemeentes, ens. met 5 koorde:

1. **HEKSERY**
2. **KOMPROMIE**
3. **SEKSUELE ONGEREGTIGHEID**
4. **DIM = DOMINERING, INTIMIDERING, EN MANIPULERING**
5. **GODSDIENSTIGHEID.**

Volgens **Jesaja 47** is sy verantwoordelik vir:

1. Seniliteit met ouderdom – v6
2. Dwelmmisbruik – v9
3. Okkultiese heksery – v9
4. Ongemagtigde seksuele sondes – v8
5. Vrees – v12 (werk deur bv. massamoordenaars, verkragters, ens)
6. Astrologie – v13

Sterk moederfiguur > seun sal 'n "valse self" hê > sal manifesteer in roekeloosheid of wegbreker of revolusie.

Die man probeer die versmorende kombes van feminisering van hom afgooi.

Indien beide ouers sterk is en teen mekaar meeding vir leierskap > psigologiese verwarring > vals persoonlikhede in kinders.

DIE SKRIFTUURLIKE GEVOLGE WAAR JESEBEL GEES HEERS:

Werp haar op 'n siekbed

- Die meeste kankers is Jesebel seoordeel.

Slaan haar kinders dood

- Homoseksualiteit
- Egskeiding is 'n produk van Jesebel
- Vroulike oorheersing
- Persone wat uit gebroke huise kom, het dikwels sterk geeste van die dood.

Groot vervolging – uiterste oordeel

- Skisofrenie – verstandelike verstoeurdheid wat gekenmerk word deur gebrek aan kontak met die werklikheid en deur die disintegrasie van persoonlikheid.
- Schizothymia – gaan skisofrenie vooraf.
Dubbelhartigheid – **Jak. 1:7,8** – "Het 2 siele"
- Twyfel en onstabielheid. 'n Vals persoonlikheid wat swakheid en onsekerheid veroorsaak. "Jesebel se kind" binne-in. Die "kind" is 'n alternatiewe persoonlikheid – swak en onseker, vol vrees, opstandig, seksueel afwykend of ander karaktertrekke teen die ware self. 'n Sterk dominante moeder/ouma en passiewe vader > produseer dubbelhartige kinders/kleinkinders.
- Vrug wat dan deurkom is:
 - # Manipulasie
 - # Dominering
 - # Intimidasie
 - # Homoseksualiteit (Jesebel vermoor haar seuns se manlikheid)
 - # Obsessie om te beheer of in beheer te wees.
 - # Lastering
 - # Bloedskande

JESEBEL-GEES OPEN. 2:20-23

VERLOËNINGS-GEBED

PERSOON:

Vader, ek staan vandag namens myself, sowel as namens my voorgeslag, voor U in die Naam van Jesus Christus. Ek wil skuldig pleit vir die feit dat ek toegelaat het dat die Jesebel-gees met haar 5 koorde deur my gewerk het, of dat ek toegelaat het dat dit oor my heers en ek in die Agab-gees beweeg het.

Ek kies om myself onder U Hand te verneder, sodat U my kan verhoog op die tyd wat U daarvoor bepaal het.

Ek bely dat ek deur my leefwyse en optrede die volgende sondes gepleeg het:

- U profete vernietig / teengestaan het (bv. in jou eggenoot, kind, ander, ens.)
- U outoriteits-strukture vernietig / teengestaan het (bv. ouers, onderwysers, huwelik, regering, ens.)
- Ek het my eie ego bevredig.
- Ek het teen die werk van die Heilige Gees gegaan of gestaan en die vloei van U Gees verhinder.
- Afgodery (bv. kennis, eie menings, kerk, tradisies, ens.)
- Heksery (bv. okkulte, of emosionele manipulering).
- Na die begeertes van die vlees gewandel het.
- Die Agab-gees in andere laat voortkom het.
- Die Agab-gees deur myself laat manifesteer het.
- My outoriteit en leierskap misbruik het.
- Mense se woorde verdraai het (om self goed te lyk).
- U woorde verdraai het, selfs in U Naam gespreek het wat U nie werklik gesê het nie.
- Leiers teëgegaan het.
- **Vrou:** My man, vader, leiers, werkgewers, ouers, se outoriteit ondergrawe en teëgegaan het en nie U voorskrifte gevolg het betreffende my gesinslede en ondergeskiktes nie.
- Leuens en agterbaksheid / blaam en suspisie op ander geplaas het.
- Gedomineer, geintimideer en gemanipuleer het.
- U Woord nie gehoorsaam het nie.
- **Man:** My vrou, gesinslede, ondergeskiktes, ouers, ens. nie behandel het volgens U voorskrifte nie (nie my posisie ingeneem as priester, koning en profeet nie.)
- Ander se moed gebreek het om U te volg en te gehoorsaam.
- Rebelle in al sy vorme in my lewe!
- Hardkoppigheid.

- Trots, arrogansie en beteweterigheid.
- Ander vals beskuldig en hul moed gebreek en bitterheid veroorsaak het (bv. huwelik, gesinslede, werknemers, andere).
- Kritiek, leuens en afbrekendheid.
- Begeerte na materiële welstand my beïnvloed het om myself en ander in probleme te beland en U Heilige Gees se waarskuwings te verontagsaam.
- Seksuele immoraliteit in al sy vorme.
- Manipulasie deur seks.
- Dat ek hierdie gees op my kinders en nageslag oorgedra het.
- Dat ek ander met vrees probeer intimideer het.
- Dat ek tradisie gehoorsaam en gevolg het, i.p.v. openbaringskennis.
- Dat ek die wet gevolg en toegepas het, i.p.v. die Heilige Gees.
- Ander in gevangenskap gebring het (bv. verhoudinge, huwelik, kinders, ondergeskiktes, ens.)
- Ander probeer beheer het deur 'n godsdienstige masker, kennis, geheimsinnigheid, werke, lang, leë gebede, ondervindinge, en supergeestelikheid.
- Woedebuie en verwarring wat ek geskep het.
- Bo-oor ander mense gehardloop of op hulle getrap het.

Vader, ek vra om vergifnis vir hierdie sondes. Ek kom staan vandag voor U op grond van U groot genade en die volmaakte Kruiswerk van Jesus, sowel as die versoening wat Hy vir my by U bewerk het. Op grond hiervan wil ek vandag vir U vra dat U my hande sal reinig van al die genoemde sondes, ook die waarvan ek nog nie eens bewus is nie. Reinig ook asseblief my hart, Vader!

Ek kom pleit ook by U vir die siel en verlossing van elke ander persoon wie ek ooit in my leeftyd besoedel het met my ingesteldheid en optrede. Ek vra nederig om vergifnis dat ek 'n struikelblok was vir hulle en ek vra dat U hierdie vuil klee wat ek tot nou toe gedra het, sal verwyder en my sal beklee met nuwe klere.

Ek vra vergifnis dat ek gedrink het uit hierdie beker van Jesebel en my laat beheer het deur:

1. Okkultiese geeste
2. Kompromie (afgodery) deur U dissipline af te water en nie respek vir U te toon nie.
3. Immoraliteit en afgodery.
4. DIM = Domineer, intimideer, manipuleer.
5. Valse godsdienstigheid.

Ek vra dat U my nou sal verlos en bevry van hierdie **5 koorde** waarmee die gees van Jesebel my vir so lank beheer het, in die Naam van Jesus Christus.

Dankie vir volmaakte verlossing deur die Naam en Bloed van Jesus, deur die Swaard van U Woord en die woord van ons getuienis: – **Open. 12:11** – “En hulle het hom oorwin deur die Bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.”

Ek bid ook, Heilige Gees, dat U my sal begelei op hierdie nuwe pad en dat U my sal help in hierdie proses van die vernuwing van my verstand in hierdie areas. Ek bid dat U die vertakkings van die werking van die Jesebel gees uit my lede sal trek, totdat daar niks oorbly nie.

Berader:

Voorbeeld van gebed:

Neem hierdie koorde en sny hulle een vir een:

1.

Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van OKKULTIESE MAGTE sien tussen jou en jou setel in Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van OKKULTIESE MAGTE los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in 2 Sam. 22:32-37: “Want wie is God buiten die Here, en wie ‘n rots buiten onse God? Die God wat my sterk toevlug is, en Hy het vir my ‘n weg volkomelik uitgesoek. Hy maak my voete soos die van herte en laat my staan op my hoogtes. Hy leer my hande om oorlog te voer, sodat my arms ‘n koperboog span. En U het my die skild van U uitredding gegee, en U neerbuigende goedheid het my groot gemaak. U het my voetstap onder my ruim gemaak, en my enkels het nie gewankel nie.”

2.

*Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van KOMPRROMIE sien tussen jou en jou setel in Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van KOMPRROMIE los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in **Hand. 24:14b** – “Julle het al hierdie kwaad gedoen; maar wyk nie van die Here af nie, en dien die Here met julle hele hart.”
Mat. 22:37 – “**Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.**”*

3.

*Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van IMMORALITEIT (AFGODERY) sien tussen jou en jou setel in Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van IMMORALITEIT los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in **Open. 19:7** – “Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid*

gee, want die bruilof van die Lam het gekom en Sy vrou HET HAAR GEREED GEMAAK.”

4.

*Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van DOMINERING, INTIMIDERING EN MANIPULERING sien tussen jou en jou setel in Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van DIM los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in **Joh. 10:2-5** – “Maar hy wat by die deur ingaan, is ‘n herder van die skape. Vir hom maak die deurwagter oop, en die skape luister na Sy stem; en Hy roep Sy eie skape by hulle naam en lei hulle uit. En wanneer Hy Sy eie skape uitgebring het, loop Hy voor hulle uit; en die skape volg Hom, omdat hulle Sy stem ken. Hulle sal ‘n vreemde nooit volg nie, maar van hom wegvlug, omdat hulle die stem van die vreemdes nie ken nie.”*

5.

*Ek spreek jou nou aan, Jesebel indie geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van VALS GODSDIENSTIGHEID sien tussen jou en jou setel in Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van VALS GODSDIENSTIGHEID los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in **Joh. 4:24** – “God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in Gees en waarheid aanbid.”*

Persoon bid self:

Vader, in die Naam van Jesus Christus, U Seun, verklaar ek nou:

- ‘n egskeiding met die gees van Jesebel.
- ‘n kansellasië van alle aanbidding wat sy ooit ontvang het deur my of my voorgeslag.
- Vernietiging van enige en alle verbonde wat met haar gemaak is.
- Verloëning van die Agab-gees.

In die outoriteit van die Naam van Jesus Christus, neem ek nou hierdie setel in myself in besit en oorhandig dit aan die Koninkryk van God.

Vader, in Jesus Naam vra ek dat U die volgende vloeke en gevolge a.g.v. my en my voorgeslag se betrokkenheid by hierdie Jesebel gees se aktiwiteite, oor my en my nageslag sal verbreek:

- Vloek van ‘n bed van pyn en lyding
- Terneergedruktheid
- Vloek van uiterste oordeel
- Vloek van die dood (Open.2:22,23)

- ❑ Vloek van vernedering en naaktheid.
- ❑ Vloek van slawerny
- ❑ Vloek van seniliteit
- ❑ Vloek van homoseksualiteit en lesbianisme
- ❑ Vloek van kanker
- ❑ Skisofrenie
- ❑ Vloek van egskeiding
- ❑ Vloek van vroulike oorheersing
- ❑ Vloek van manlike oorheersing
- ❑ Twyfel en onstabieleit
- ❑ Bloedskande
- ❑ Lastering
- ❑ Verlies van kinders
- ❑ Verlies van huweliksmaat
- ❑ Vloek van rampe en booshede
- ❑ Eensaamheid en verlatenheid
- ❑ Vloek van hekserij
- ❑ Vervolging

Ek vra dat U elkeen van hierdie vloeke in my en my voor- en nageslag se lewens sal verander in 'n seën.

In die Naam van Jesus Christus bind en werp ek die dogter van Jesebel uit my lewe. Ek spreek
vernietiging oor die altare waar Jesebel aanbidding ontvang het in my lewe, en rig 'n altaar daar op vir God.

Daar staan geskrywe in **2 Sam.24:25**: – “Hy het net daar 'n altaar vir die Here gebou en brandoffers en maaltydoffers gebring. Hierna het die Here weer die gebede vir die land verhoor, en die plaag is uit Israel weggeneem.”

Die vesting in my lewe waar Jesebel gewoon het, word nou vernietig en 'n troon vir Christus Jesus daar gevestig.

In die Naam van Jesus Christus spreek ek nou verwelking en dood oor alle vrugte van manipulasie deur die gees van hekserij in my lewe.

Ek vra dat U alle suurdeeg wat my laat neig het om onder beheer van hierdie gees te wandel, uit my denkpatrone, wil, emosies en liggaam sal verwyder.

Vader, in Jesus se Naam vra ek dat die gees van Elia in my sal opstaan ten einde Jesebel in die Liggaam van Christus te ontbloot.
Ek bid Vader, dat die harte van die vaders gedraai sal word na die kinders volgens **Mal. 4:5,6**.

Ek bid dat die ongehoorsame gedraai sal word na die wysheid van die regverdige – dat goddelike beginsels geleef sal word in my lewe, ten einde spesifieke probleme die hoof te bied.

Ek vra dat meer en meer geestelike vaders en moeders uit ons midde na vore sal tree om die weg aan te dui en ook om U volk by die hand te neem en hulle in paaie van geregtigheid te lei.

Ek bid, Vader, dat U sal toesien, deur U Gees, dat ek voorberei sal word as deel van U Bruid sonder vlek of rimpel.

Dankie, Abba Vader, vir U groot genade. Seël hierdie gebed nou met die Bloed van Jesus Christus en dankie dat U hoor en verlos!

AMEN.